THE UNION OF SOUTH AFRICA

Government Gazette

Staatskoerant

VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA

[Registered at the General Post Office as a Newspaper.] [Geregistreer by die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.]

VOL. CXLVIII.] PRICE 6d. PRETORIA, 16 MAY / 16 MEI 1947. PRYS 6d. [No. 3815

CONTENTS.

All Proclamations, Government and General Notices published for the first time, are indicated by a ✱ in the left-hand upper corner.

For purposes of reference, Proclamations and Government Notices published in "Gazettes Extraordinary" are included in the weekly index.

No PAGE

Proclamations.

✱ 109. War Measure No. 23 of 1947: Repeal of Proclamation No. 160 of 1941 (*G.G.E.* No. 3813).
✱ 110. Circuit Court: Second Portion, First Western Circuit, 1947 ... 415

Government Notices.

DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER AND OF EXTERNAL AFFAIRS:

✱ 970. Cancellation of Recognition of Vice-Consul of Egypt, Cape Town ... 415
✱ 971. Exchange of Notes between the Union and Southern Rhodesia Regarding the Trade Agreement of 1935 ... 416

DEPARTMENT OF DEFENCE:

✱ 992. Military Training and Exercise ... 417

DEPARTMENT OF FINANCE:

✱ 966. Revocation of Appointment of a Bonded Warehouse ... 418
✱ 967. Revocation of Appointment of a Bonded Warehouse ... 418
✱ 968. Revocation of Appointment of a Bonded Warehouse ... 418
✱ 969. Appointment of Acting Provincial Auditor, Cape ... 418
✱ 988. Banking Act, 1942: Provisional Registration ... 418
✱ 989. Closing of Transfer Books: 4 Per Cent. Local Registered Stock ... 419
✱ 993. Revocation of Appointment of a Bonded Warehouse ... 417
✱ 999. South African Reserve Bank: Statement ... 419

DEPARTMENT OF UNION EDUCATION:

✱ 984. University of the Witwatersrand: Amendment of Regulations ... 419

DEPARTMENT OF JUSTICE:

† 933. Constitution of Special Criminal Court ... 426
✱ 986. Appointment of Special Justices of the Peace ... 426
✱ 987. Appointment of Commissioner of Oaths ... 426

DEPARTMENT OF SOCIAL WELFARE:

✱ 990. Johannesburg Western Rent Board: Appointment of Member ... 427
✱ 991. Calvinia Rent Board: Appointment of Member 427

DEPARTMENT OF LABOUR:

✱ 978. Printing and Newspaper Industry for the Union of South Africa: Supplementary Agreement 434
✱ 979. Biscuit Manufacturing Industry: Amending Agreement ... 412
✱ 980. Leather Industry for the Union of South Africa, Tanning Section: Agreement ... 411
✱ 981. Factories, Machinery and Building Work Act, 1941: Leather Industry of the Union of South Africa ... 455
✱ 982. Sweetmaking Industry, Cape: Agreement ... 455
✱ 983. Factories, Machinery and Building Work Act, 1941: Sweetmaking Industry, Cape ... 465

G.G.E. = *Government Gazette Extraordinary.*

INHOUD.

Alle Proklamasies, Goewerments- en Algemene Kennisgewings, wat vir die eerste maal gepubliseer word, is in die linkerbohoek met 'n ✱ gemerk.

Proklamasies en Goewermentskennisgewings in „Buitengewone Staatskoerante" gepubliseer, word vir verwysingsdoeleindes in die weeklikse inhoudsopgawe ingesluit.

No. BLADSY

Proklamasies.

✱ 109. Oorlogsmaatreël No. 23 van 1947: Herroeping van Proklamasie No. 160 van 1941 (*B.S.* No. 3813).
✱ 110. Rondgaande Hof, Tweede Deel: Eerste Westelike Rondgang, 1947 ... 415

Goewermentskennisgewings.

DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER EN BUITELANDSE SAKE:

✱ 970 Intrekking van Erkenning van Vise-konsul van Egipte, Kaapstad ... 415
✱ 971 Notawisseling tussen die Unie en Suid-Rhodesië Betreffende die Handelsooreenkoms van 1935 416

DEPARTEMENT VAN VERDEDIGING:

✱ 992 Militêre opleiding en Oefening ... 417

DEPARTEMENT VAN FINANSIES:

✱ 966 Herroeping van die Aanwysing van 'n Doanepakhuis ... 418
✱ 967 Herroeping van die Aanwysing van 'n Doanepakhuis ... 418
✱ 968 Herroeping van die Aanwysing van 'n Doanepakhuis ... 418
✱ 969 Aanstelling van Waarnemende Provinsiale Ouditeur, Kaap ... 418
✱ 988 Bankwet, 1942: Voorlopige Registrasie ... 418
✱ 989 Sluiting van Oodragsboeke: 4 persent Plaaslike Geregistreerde Effekte ... 419
✱ 993 Herroeping van die Aanwysing van 'n Doanepakhuis ... 417
✱ 999 Suid-Afrikaanse Reserwebank: Opgawe ... 419

DEPARTEMENT VAN ONDERWYS:

✱ 984 Universiteit van die Witwatersrand: Wysiging van Regulasies ... 419

DEPARTEMENT VAN JUSTISIE:

† 933 Instelling van Spesiale Kriminele Hof ... 426
✱ 986 Aanstelling van Spesiale Vrederegters ... 426
✱ 987 Aanstelling van Kommissarisse van Ede ... 426

DEPARTEMENT VAN VOLKSWELSYN:

✱ 990 Johannesburgse Westelike Huurraad: Aanstelling van Lid ... 427
✱ 991 Huurraad Calvinia: Aanstelling van Lid ... 427

DEPARTEMENT VAN ARBEID:

✱ 978 Drukkers- en Nuusbladbedryf vir die Unie van Suid-Afrika: Addisionele Ooreenkoms ... 434
✱ 979 Beskuitvervaardigingsnywerheid: Wysigingsooreenkoms ... 412
✱ 980 Leernywerheid vir die Unie van Suid-Afrika, Leerlooi-afdeling: Ooreenkoms ... 414
✱ 981 Wet op Fabrieke, Masjinerie en Bouwerk, 1941: Leernywerheid vir die Unie van Suid-Afrika 455
✱ 982 Lekkergoedvervaardigingsnywerheid, Kaap: Ooreenkoms ... 455
✱ 983 Wet op Fabrieke, Masjinerie en Bouwerk, 1941: Lekkergoedvervaardigingsnywerheid, Kaap ... 465

B.S. = *Buitengewone Staatskoerant.*

Government Notices (continued).

No.		PAGE
	DEPARTMENT OF LANDS:	
* 976.	Sale of Government Erven	427
* 977.	Holdings Available under the Land Settlement Act, 1912	428
* 951.	Holdings Available: Cape (*G.G.E.* No. 3811).	
* 952.	Holdings Available: Natal (*G.G.E.* No. 3811).	
* 953.	Holdings Available: Transvaal and Orange Free State (*G.G.E.* No. 3811).	
	DEPARTMENT OF IRRIGATION:	
* 973.	Regulations for the Hire of Government Water Boring Machines	434
	DEPARTMENT OF NATIVE AFFAIRS:	
* 974.	Betterment Areas under Proclamation No. 31 of 1939: District of Lusikisiki	465
	DEPARTMENT OF COMMERCE AND INDUSTRIES:	
* 954.	Control of Jute Goods (*G.G.E.* No. 3813).	
* 955.	Control of Imports (*G.G.E.* No. 3813).	
* 958.	Maximum Prices of Groceries: Mealies and Mealie Products (*G.G.E.* No. 3813).	
* 959.	Maximum Prices of Groceries: Polishes (*G.G.E.* No. 3813).	
* 960.	Maximum Prices of Oathay and Cut Oathay (*G.G.E.* No. 3813).	
* 961.	Maximum Prices of Farm Feeds, Carcase Meal, Meat Meal, Blood Meal and Fish Meal (*G.G.E.* No. 3813).	
* 962.	Maximum Prices of Chocolate Slabs (*G.G.E.* No. 3813).	
* 963.	Maximum Prices of Batteries, Lead Acid Type, Manufactured in the Union (*G.G.E.* No. 3813).	
* 964.	Maximum Prices of Cosmetics, Toilet and Pharmaceutical Preparations (*G.G.E.* No. 3813).	
	DEPARTMENT OF MINES:	
770.	Proposed Proclamation of Certain Portion of the Farm Vlakfontein No. 14, District Roodepoort	466
	DEPARTMENT OF AGRICULTURE:	
910.	Application for Brands, Cape Province	466
* 956.	Control of Potatoes: Amendment (*G.G.E.* No. 3813).	
* 957.	Prices of Dressed Carcases and Remuneration of Agents in Controlled Areas (*G.G.E.* No. 3813).	
* 975.	Area Declared to be Infected with Anthrax	468
	DEPARTMENT OF HEALTH:	
* 972.	National Nutrition Council: Appointment of Member	468
* 985.	National Nutrition Council: Appointment of Member	468

General Notices.

	DEPARTMENT OF LANDS:	
402.	Crown Land Survey: Cape	472
	CO-OPERATIVE AGRICULTURAL SOCIETIES:	
* 428.	Membership Lists: Additions	469
* 432.	Amended Particulars of Member	472
	STATE ADVANCES AND RECOVERIES OFFICE:	
* 431.	Notice of Cancellation of a Meeting of Creditors under the Farmers' Assistance Act, 1935	473
	MISCELLANEOUS:	
421.	Control and Improvement of Livestock, Middeldrift District	473
* 429.	Tarka Bridge Irrigation Board: Election of Member	473
* 430.	Potchefstroom Liquor Licensing Board: Interim Meeting	474
* 433.	Nkwaleni Irrigation Board: Revision of Voters' Lists	474
* 434.	Ritchie Irrigation Board: Election of Member	474
* 435.	Notice of Expropriation No. C.2840	475
* 436.	Notice of Expropriation No. C.2569	475
* 437.	Notice of Expropriation No. C.2970	475
* 438.	Health Bulletin No. 19 of 1947	476
	Tenders	476
	Vacancy for Gardeners, Grade II	492
	Vacancies for Cadets in the Diplomatic and Consular Service	493
	Vacancies for Assistant Instructors, School of Industries, Queenstown	494
	Vacancy for Instructor in Bricklaying and Plastering, Drostdy Technical High School, Worcester	494

(Continued on inside back cover.)

Goewermentskennisgewings (vervolg).

No.		BLADSY
	DEPARTEMENT VAN LANDE:	
* 976	Verkoop van Goewermentserwe	427
* 977	Hoewes Beskikbaar kragtens die Kroongrond Nedersettings Wet, 1912	428
* 951	Hoewes Beskikbaar: Kaap (*B.S.* No. 3811)	
* 952	Hoewes Beskikbaar: Natal (*B.S.* No. 3811)	
* 953	Hoewes Beskikbaar: Transvaal en Oranje-Vrystaat (*B.S.* No. 3811)	
	DEPARTEMENT VAN BESPROEIING:	
* 973	Regulasie vir die Huur van Staatswaterboormasjiene	434
	DEPARTEMENT VAN NATURELLESAKE:	
* 974	Verbeteringsgebiede Kragtens Proklamasie No. 31 van 1939: Distrik Lusikisiki	465
	DEPARTEMENT VAN HANDEL EN NYWERHEID:	
* 954	Beheer oor Jute-Goedere (*B.S.* No. 3813)	
* 955	Invoerbeheer (*B.S.* No. 3813).	
* 958	Maksimum Pryse Kruideniersware: Mielies en Mielieprodukte (*B.S.* No. 3813).	
* 959	Maksimum Pryse van Kruideniersware: Politoere (*B.S.* No. 3813).	
* 960	Maksimum Pryse van Hawerhooi en Gesnyde Hawerhooi (*B.S.* No. 3813).	
* 961	Maksimum Pryse van Veevoer, Karkasmeel, Vleismeel, Bloedmeel en Vismeel (*B.S.* No. 3813).	
* 962	Maksimum Pryse van Plat Sjokolade (*B.S.* No. 3813).	
* 963.	Maksimum Pryse van Batterye, Loodsuurtipe, vervaadig in die Unie (*B.S.* No. 3813).	
* 964	Maksimum Pryse van Kosmetiek-, ens Preparate (*B.S.* No. 3813).	
	DEPARTEMENT VAN MYNWESE:	
770.	Voorgenome proklamasie van sekere gedeelte van die Plaas Vlakfontein No. 14, Distrik Roodepoort	466
	DEPARTEMENT VAN LANDBOU:	
910.	Aansoeke om Brandmerke, Kaapprovinsie	466
* 956.	Beheer oor Aartappels: Wysiging (*B.S.* No. 3813).	
* 957.	Pryse van Gedresseerde Karkasse en Vergoeding van Agente in Beheerde Gebiede (*B.S.* No. 3813).	
* 975.	Gebied Verklaar tot 'n Gebied wat met Miltsiekte Besmet is	468
	DEPARTEMENT VAN GESONDHEID:	
* 972.	Nasionale Voedingsraad: Aanstelling van Lid	468
* 985.	Nasionale Voedingsraad: Aanstelling van Lid	468

Algemene Kennisgewings.

	DEPARTEMENT VAN LANDE:	
402.	Opmeting van Kroongrond: Kaap	472
	KOÖPERATIEWE LANDBOUVERENIGINGS:	
* 428.	Ledelyste: Aanvullings	469
* 432.	Gewysigde Besonderhede van 'n Lid	472
	KANTOOR TOT INVORDERING VAN STAATSVOORSKOTTE:	
* 431.	Kennisgewing van Kansellasie van 'n Vergadering van Krediteure Belê in Terme van die Boere-Bystandswet, 1935	473
	DIVERSE:	
421.	Beheer en Verbetering van Lewende Hawe, Distrik Middeldrift	473
* 429.	Besproeiingsraad Tarkabrug: Verkiesing van Lid	473
* 430.	Dranklisensieraad Potchefstroom: Tussentydse Vergadering	474
* 433.	Besproeiingsraad Nkwaleni: Hersiening van Kieserslyste	474
* 434.	Besproeiingsraad Ritchie: Verkiesing van Lid	474
* 435.	Kennisgewing van Onteiening No. C.2840	475
* 436.	Kennisgewing van Onteiening No. C.2569	475
* 437.	Kennisgewing van Onteiening No. C.2970	475
* 438.	Gesondheidsbulletin No. 19 van 1947	476
	Tenders	476
	Vakatures vir Tuiniers, Graad II	492
	Vakatures vir Kadette in die Diplomatieke en Konsulêre Diens	493
	Vakatures vir Assistent-Instrukteurs, Nywerheidskool, Queenstown	494
	Vakature vir Instrukteur in Messelwerk en Pleisterwerk, Hoër Tegniese Skool, Drostdy, Worcester	494

(Vir vervolg sien tweede laaste bladsy.)

PROCLAMATION

BY HIS EXCELLENCY THE RIGHT HONOURABLE GIDEON BRAND VAN ZYL, A MEMBER OF HIS MAJESTY'S MOST HONOURABLE PRIVY COUNCIL, GOVERNOR-GENERAL OF THE UNION OF SOUTH AFRICA.

✱ No. 110, 1947.]

CIRCUIT COURT: SECOND PORTION: FIRST WESTERN CIRCUIT, 1947 (TRANSVAAL).

Under and by virtue of the powers in me vested by sections *three* and *four* of the Superior Courts Criminal Jurisdiction Ordinance, 1903 (Ordinance No. 10 of 1903, Transvaal), I do hereby declare that for the purpose of holding circuit courts, that portion of the Province of the Transvaal in which the districts hereinafter named are situated, shall be divided into the following Circuit Districts, subject to such alteration as may be notified by Proclamation from time to time:—

The District of Waterberg.
The District of Potgietersrust.
The District of Pietersburg.
The District of Letaba.
The District of Zoutpansberg.
The District of Rustenburg.

And I do further direct and appoint that the said Circuit Courts shall be holden in the towns and on the dates and at the times set forth in the Schedule hereto, provided that in the event of the judge being prevented by any unforeseen cause or delay from opening the Circuit Court at any of the said places on the day fixed for the purpose, such Circuit Court shall be opened on the day on which the judge shall arrive at such place, or so soon thereafter as conveniently may be.

GOD SAVE THE KING.

Given under my Hand and the Great Seal of the Union of South Africa at Cape Town this Eighth day of May One thousand Nine hundred and Forty-seven.

G. BRAND VAN ZYL,
Governor-General.

By Command of His Excellency the Governor-General-in-Council.

H. G. LAWRENCE.

SCHEDULE.

SECOND PORTION: FIRST WESTERN CIRCUIT, 1947 (TRANSVAAL).

Nylstroom, 10 a.m., Friday, 16th May, 1947.
Potgietersrust, 10 a.m., Wednesday, 21st May, 1947.
Pietersburg, 10 a.m., Monday, 26th May, 1947.
Tzaneen, 11 a.m., Friday, 30th May, 1947.
Louis Trichardt, 2.30 p.m., Wednesday, 4th June, 1947.
Rustenburg, 2.30 p.m., Monday, 9th June, 1947.

GOVERNMENT NOTICES.

The following Government Notices are published for general information:—

DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER AND OF EXTERNAL AFFAIRS.

✱ No. 970.] [16 May 1947.

With reference to Government Notice No. 261 of the 12th February, 1943, it is hereby notified that Mr. Maher T. Doss who was appointed as Vice-Consul of Egypt at Cape Town, ceased to act in that capacity in the Union of South Africa on the 20th July, 1946.

PROKLAMASIE

VAN SY EKSELLENSIE DIE HOOGEDELE GIDEON BRAND VAN ZYL, LID VAN DIE MEES EERVOLLE GEHEIME RAAD VAN SY MAJESTEIT, GOEWERNEUR-GENERAAL VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA.

✱ No. 110, 1947.]

RONDGAANDE HOF: TWEEDE DEEL: EERSTE WESTELIKE RONDGANG, 1947: TRANSVAAL.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikels *drie* en *vier* van die „Superior Courts Criminal Jurisdiction Ordinance, 1903 (Ordinance No. 10 of 1903, Transvaal)", verklaar ek hierby dat met die doel om rondgaande howe te hou, dié gedeelte van die Provinsie Transvaal waarin die hiernagenoemde distrikte geleë is, verdeel word in onderstaande rondgangdistrikte, onderworpe aan sodanige veranderings as wat van tyd tot tyd by Proklamasie bekendgemaak kan word:—

Die distrik Waterberg.
Die distrik Potgietersrus.
Die distrik Pietersburg.
Die distrik Letaba.
Die distrik Zoutpansberg.
Die distrik Rustenburg.

En verder beveel en gelas ek dat genoemde rondgaande howe gehou moet word in die dorpe en op die datums en ure in bygaande Bylae vermeld; met dien verstande dat ingeval die regter deur 'n onvoorsiene omstandigheid of oponthoud verhinder word om die rondgaande hof op een van genoemde plekke op die vasgestelde datum te open, die rondgaande hof geopen moet word op die dag waarop die regter op die plek aankom, of so spoedig daarna as wat gerieflik is.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my Hand en die Grootseël van die Unie van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die Agste dag van Mei Eenduisend Negehonderd Sewe-en-veertig.

G. BRAND VAN ZYL,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal-in-rade.

H. G. LAWRENCE.

BYLAE.

TWEEDE DEEL: EERSTE WESTELIKE RONDGANG, 1947 (TRANSVAAL).

Nylstroom, 10 vm., Vrydag, 16 Mei 1947.
Potgietersrus, 10 vm., Woensdag, 21 Mei 1947.
Pietersburg, 10 vm., Maandag, 26 Mei 1947.
Tzaneen, 11 vm., Vrydag, 30 Mei 1947.
Louis Trichardt, 2.30 nm., Woensdag, 4 Junie 1947.
Rustenburg, 2.30 nm., Maandag, 9 Junie 1947.

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS.

Onderstaande Goewermentskennisgewings word vir algemene informasie gepubliseer:—

DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER EN VAN BUITELANDSE SAKE.

✱ No. 970.] [16 Mei 1947.

Met verwysing na Goewermentskennisgewing No. 261 van 12 Februarie 1943, word hierby bekendgemaak dat die heer Maher T. Doss wat as vise-konsul van Egipte te Kaapstad aangestel is, op 20 Julie 1946, opgehou het om in die hoedanigheid in die Unie van Suid-Afrika op te tree.

✱ No. 971.] [16 May 1947.

Exchange of Notes providing that the Trade Agreement of 1935 between the Governments of the Union of South Africa and Southern Rhodesia shall continue in force subject, as from 31st March, 1947, to one month's notice of termination.

P.M. 10/1/37.

Cape Town,
24th February, 1947.

Sir,

I have the honour to refer to the discussions which representatives of our respective Governments had in Cape Town during the period 17th to 26th January, 1947, at which it was mutually agreed that, pending the conclusion of a new agreement between the Governments of the Union of South Africa and Southern Rhodesia, the existing Trade Agreement signed in February, 1935, should continue in force subject, as from the 31st March, 1947, to one month's notice of termination on either side, and that your letter to me of the 24th December, 1946, giving notice of intention to terminate the said Trade Agreement on the 31st March, 1947, and my reply thereto of the 6th January, 1947, should both be considered as withdrawn.

In consequence hereof the Union Government would propose that, notwithstanding anything to the contrary contained in Article XVII of the existing Trade Agreement, the said Agreement may, as from the 31st March, 1947, be terminated at any time by one month's notice being given by either Government to the other.

If the Government of Southern Rhodesia are agreeable to these proposals, then this note and your confirmatory reply will be regarded as a withdrawal of the correspondence referred to above and as constituting an agreed variation of the provisions of Article XVII of the said Trade Agreement.

I have the honour to be,

Sir,

Your obedient servant,

(Sgd.) J. C. SMUTS,
Minister of External Affairs.

The Prime Minister of
Southern Rhodesia,
Salisbury.

Department of the Prime Minister,
P.O. Box 691,
Salisbury,
Southern Rhodesia,
7th March, 1947

Ref. No. 1/47.

Sir,

I have the honour to acknowledge the receipt of your letter P.M. 10/1/37 of the 24th February and to say that this Government agree to the proposal contained in that letter and that these two letters should be regarded as a withdrawal of the letters of the 24th December, 1946, and of the 6th March, 1947, and as constituting an agreed variation of the provisions of Article XVII of the Trade Agreement of 1935.

I have the honour to be,

Sir,

Your obedient servant,

(Sgd.) G. M. HUGGINS,
Prime Minister.

The Minister of External Affairs,
Cape Town.

✱ No. 971.] [16 Mei 1947.

Notawisseling om te bepaal dat die Handelsooreenkoms van 1935 tussen die Regering van die Unie van Suid-Afrika en Suid-Rhodesië van krag bly, onderworpe, met ingang van 31 Maart 1947, aan opsegging by kennisgewing van een maand.

P.M. 10/1/37.

Kaapstad,
24 Februarie 1947.

Meneer,

Ek het die eer om te verwys na die samesprekings wat verteenwoordigers van ons onderskeie Regerings gedurende die tydperk 17 tot 26 Januarie 1947 te Kaapstad gehad het toe onderling ooreengekom is dat terwyl die sluiting van 'n nuwe ooreenkoms tussen die Regerings van die Unie van Suid-Afrika en Suid-Rhodesië hangende was, die bestaande handelsooreenkoms wat in Februarie 1935 onderteken is, van krag moet bly, onderworpe, met ingang van 31 Maart 1947, aan opsegging by kennisgewing van een maand deur albei Regerings en dat sowel u brief van 24 Desember 1946 aan my waarin die voorneme te kenne gegee is om genoemde handelsooreenkoms op 31 Maart 1947 op te sê, as my antwoord van 6 Januarie 1947 daarop, albei as ingetrek beskou moet word.

Ten gevolge hiervan stel die Unie-regering voor dat nieteenstaande enigiets teenoorgestelds wat in artikel XVII van die bestaande handelsooreenkoms vervat is, genoemde ooreenkoms met ingang van 31 Maart 1947 te eniger tyd opgesê kan word by kennisgewing van een maand deur een Regering aan die ander.

Indien die Regering van Suid-Rhodesië hierdie voorstelle aanneem, sal hierdie nota en u bevestigende antwoord beskou word as 'n intrekking van die briefwisseling waarna hierbo verwys is en as 'n aangenome wysiging van die bepalings van artikel XVII van genoemde handelsooreenkoms.

Hoogagtend die uwe,

(Get.) J. C. SMUTS,
Minister van Buitelandse Sake.

Die Eerste Minister van Suid-Rhodesië,
Salisbury.

Departement van die Eerste Minister,
Posbus 691,
Salisbury,
Suid-Rhodesië,
7 Maart 1947.

Verwys No. 1/47.

Meneer,

Ek het die eer om die ontvangs van u brief P.M. 10/1/37 van 24 Februarie te erken en u mee te deel dat hierdie regering die voorstel aanneem wat in daardie brief vervat is en dat die twee briewe beskou moet word as 'n intrekking van die briewe van 24 Desember 1946 en van 6 Maart 1947 en as 'n aangenome wysiging van die bepalings van artikel XVII van die Handelsooreenkoms van 1935.

Hoogagtend die uwe,

(Get.) G. M. HUGGINS.

Die Minister van Buitelandse Sake,
Kaapstad.

DEPARTMENT OF DEFENCE.

✱ No. 992.] [16 May 1947.

MILITARY TRAINING AND EXERCISE.

1. Whereas the Magisterial Districts of Port Elizabeth and East London have been appointed as training areas in terms of section *eight-eight* (1) of the South Africa Defence Act, No. 13 of 1912, *vide* Government Notice No. 2322, dated 1st November, 1946, it is now notified that firing practice seawards will be carried out by coastal artillery batteries—

(*a*) from Humewood, Port Elizabeth, on 22nd and 23rd May, 1947, and while the firing is taking place the Beach Road will be closed between the Humewood Tennis Courts and the Bathing Pavilion;

(*b*) from Signal Hill, East London, on 26th May, 1947, and that while firing is taking place it will be necessary to clear the Orient Beach.

2. Residents in the vicinities as stated in paragraph 1 (*a*) and (*b*) above are warned to leave all windows open during firing practice.

3. The public is warned that it will be dangerous to enter the sea areas as specified in the Schedule hereto whilst firing practice is in progress.

4. All persons are warned against the danger of disobeying or disregarding notices issued pursuant to the terms hereof or any signals or orders by the Officer in Command or any member of safety patrols.

5. The Officer Commanding, Eastern Province and Border Command, P.O. Box 115, Port Elizabeth, is appointed compensation officer in terms of the regulations and any claims made are to be lodged at his office at Driftsands, Port Elizabeth, not later than Saturday, 14th June, 1947.

SCHEDULE.

A. Port Elizabeth.

The sea area enclosed by the imaginary lines joining the following points:—

(i) Latitude 33° 58′ 06″ S.
Longitude 25° 40′ 00″ E.
(ii) Latitude 33° 55′ 00″ S.
Longitude 25° 40′ 00″ E.
(iii) Latitude 33° 57′ 06″ S.
Longitude 25° 45′ 00″ E.
(iv) Latitude 34° 00′ 00″ S.
Longitude 25° 45′ 00″ E.
(v) Latitude 34° 00′ 00″ S.
Longitude 25° 42′ 50″ E.

B. East London.

The sea area enclosed by the imaginary lines joining the following points:—

(i) Latitude 32° 59′ 00″ S.
Longitude 27° 57′ 30″ E.
(ii) Latitude 33° 02′ 00″ S.
Longitude 27° 59′ 00″ E.
(iii) Latitude 33° 05′ 00″ S.
Longitude 27° 53′ 36″ E.
(iv) Latitude 33° 02′ 00″ S.
Longitude 27° 55′ 00″ E.

DEPARTEMENT VAN VERDEDIGING.

✱ No. 992.] 16 Mei 1947.

MILITÊRE OPLEIDING EN OEFENING.

1. Nademaal die magistraatsdistrikte van Port Elizabeth en Oos-Londen kragtens artikel *agt-en-tagtig* (1) van die Zuid-Afrika Verdedigings Wet, No. 13 van 1912 (kyk Goewermentskennisgewing No. 2322 van 1 November 1946), as opleidingsgebiede aangewys is, word daar nou bekendgemaak dat skietoefening ter see deur die kusartilleriebatterye gehou sal word—

(*a*) vanaf Humewood, Port Elizabeth, op 22 en 23 Mei 1947, en terwyl die skietoefening aan die gang is, sal Beachweg vanaf die Humewood-tennisbane tot by die baaipawiljoen gesluit wees:

(*b*) vanaf Signal Hill, Oos-Londen, op 26 Mei 1947, en terwyl die skietoefening aan die gang is, sal dit nodig wees om die Orient-strand te ontruim.

2. Bewoners van die omgewing in paragrawe 1 (*a*) en (*b*) genoem, word gewaarsku om alle vensters oop te hou terwyl die skietoefening plaasvind.

3. Die publiek word gewaarsku dat dit gevaarlik sal wees om die seegebiede wat in die Bylae hiervan bepaal word, te betree terwyl die skietoefening aan die gang is.

4. Almal word gewaarsku dat dit gevaarlik sal wees om die kennisgewings wat hierkragtens uitgegee is, of die tekens of bevele van die bevelvoerder of 'n lid van 'n veiligheidspatrollie, te verontagsaam.

5. Die Bevelvoerende Offisier, Kommandement Oostelike Provinsie en Grensdistrikte, Posbus 115, Port Elizabeth, word kragtens die regulasies tot kompensasie-offisier aangestel en eise moet voor of op Saterdag, 14 Junie 1947, by sy kantoor te Driftsands, Port Elizabeth, ingedien word.

BYLAE.

A. Port Elizabeth.

Die seegebied begrens deur die denkbeeldige lyne wat die volgende punte met mekaar verbind—

(i) Breedtegraad 33° 58′ 06″ S.
Lengtegraad 25° 40′ 00″ O.
(ii) Breedtegraad 33° 55′ 00″ S.
Lengtegraad 25° 40′ 00″ O.
(iii) Breedtegraad 33° 57′ 06″ S.
Lengtegraad 25° 45′ 00″ O.
(vi) Breedtegraad 34° 00′ 00″ S.
Lengtegraad 25° 45′ 00″ O.
(v) Breedtegraad 34° 00′ 00″ S.
Lengtegraad 25° 42′ 50″ O.

B. Oos-Londen.

Die seegebied begrens deur die denkbeeldige lyne wat die volgende punte met mekaar verbind:—

(i) Breedtegraad 32° 59′ 00″ S.
Lengtegraad 27° 57′ 30″ O.
(ii) Breedtegraad 33° 02′ 00″ S.
Lengtegraad 27° 59′ 00″ O.
(iii) Breedtegraad 33° 05′ 00″ S.
Lengtegraad 27° 53′ 36″ O.
(iv) Breedtegraad 33° 02′ 00″ S.
Lengtegraad 27° 55′ 00″ O.

DEPARTMENT OF FINANCE.

✱ No. 993.] [16 May 1947.

REVOCATION OF APPOINTMENT OF A BONDED WAREHOUSE.

Whereas application has been made for the revocation of the appointment of the bonded warehouse, situate at Beach Road, Woodstock, Cape Town, in the Province of the Cape of Good Hope, appointed by Government Notice No. 1479 of 16th August, 1929, as amended, for the free warehousing under bond of

DEPARTEMENT VAN FINANSIES.

✱ No. 993.] [16 Mei 1947.

HERROEPING VAN DIE AANWYSING VAN 'N DOEANEPAKHUIS.

Nademaal aansoek gedoen is om die herroeping van die aanwysing van die doeanepakhuis, geleë te Beachweg, Woodstock, Kaapstad, in die Provinsie Kaap die Goeie Hoop, wat by Goewermentskennisgewing No. 1479 van 16 Augustus 1929, soos gewysig, aangewys is vir die opberging van motorspiritus en

motor spirit and paraffin, in bulk, in the name of The Shell Company of South Africa, Limited;

Notice is hereby given that the Commissioner of Customs has revoked the appointment of the above-mentioned warehouse.

✱ No. 966.] [16 May 1947.

REVOCATION OF APPOINTMENT OF A BONDED WAREHOUSE.

Whereas application has been made for the revocation of the appointment of the bonded warehouse, situate at Quarry Site, Dock Area, Cape Town, in the Province of the Cape of Good Hope, appointed by Government Notice No. 317 of 15th February, 1929, for the free warehousing under bond of motor spirit and paraffin, in bulk, in the name of The Shell Company of South Africa, Limited;

Notice is hereby given that the Commissioner of Customs has revoked the appointment of the above-mentioned warehouse.

✱ No. 967.] [16 May 1947.

REVOCATION OF APPOINTMENT OF A BONDED WAREHOUSE.

Whereas application has been made for the revocation of the appointment of the bonded warehouse, situate at north-west corner, Grain Shed Site, Cape Town Docks, in the Province of the Cape of Good Hope, appointed by Government Notice No. 1048 of 21st July, 1939, for the free warehousing under bond of petroleum products in the name of The Shell Company of South Africa, Limited;

Notice is hereby given that the Commissioner of Customs has revoked the appointment of the above-mentioned warehouse.

✱ No. 968.] [16 May 1947.

REVOCATION OF APPOINTMENT OF A BONDED WAREHOUSE.

Whereas application has been made for the revocation of the appointment of the bonded warehouse, situate at 21 Morrison Street, Durban, in the Province of Natal, appointed by Government Notice No. 2200 of the 3rd December, 1943, for the free warehousing under bond of liquor in the name of Henry Tayler & Ries (Pty.), Ltd.;

Notice is hereby given that the Commissioner of Customs has revoked the appointment of the above-mentioned warehouse.

✱ No. 969.] [16 May 1947.

APPOINTMENT OF ACTING PROVINCIAL AUDITOR, CAPE.

It is hereby notified for general information that His Excellency the Governor-General, has been pleased to approve, in terms of section *ninety-two* of the South African Act, 1909, of the appointment of John Bramley, Chief Inspector of Cape Provincial Audit as Acting Provincial Auditor for the Cape Province, during the absence on leave of Edwin Cecil Mason for the period 2nd June, 1947, to 16th August, 1947.

✱ No. 988.] [16 May, 1947.

BANKING ACT, 1942.—PROVISIONAL REGISTRATION.

In terms of section *eleven* (1) of the Banking Act, 1942, it is hereby notified for general information that the undermentioned new institution has been provisionally registered as a Deposit-receiving Institution in terms of section *six* of that Act:—

Van Riebeeck Trustmaatskappy Beperk.

paraffien, in massa, onder waarborg op naam van die firma The Shell Company of South Africa, Limited;

So word hierby bekendgemaak dat die Kommissaris van Doeane die aanwysing van bogenoemde pakhuis herroep het.

✱ No. 966.] [16 Mei 1947.

HERROEPING VAN DIE AANWYSING VAN 'N DOEANEPAKHUIS.

Nademaal aansoek gedoen is om die herroeping van die aanwysing van die doeanepakhuis, geleë te „Quarry Site", Dokgebied, Kaapstad, in die Provinsie Kaap die Goeie Hoop, wat by Goewermentskennisgewing No. 317 van 15 Februarie 1929, aangewys is vir die opberging van motorspiritus en paraffien, in massa, onder waarborg op naam van die firma The Shell Company of South Africa Limited;

So word hierby bekendgemaak dat die Kommissaris van Doeane die aanwysing van bogenoemde pakhuis herroep het.

✱ No. 967.] [16 Mei 1947.

HERROEPING VAN DIE AANWYSING VAN 'N DOEANEPAKHUIS.

Nademaal aansoek gedoen is om die herroeping van die aanwysing van die doeanepakhuis, geleë op die noordwestelike hoek van die Graanskuurterrein, Kaapstadse dokke, in die Provinsie Kaap die Goeie Hoop, wat by Goewermentskennisgewing No. 1048 van 21 Julie 1939, aangewys is vir die opberging van petroleumprodukte onder waarborg op naam van die firma The Shell Company of South Africa Limited;

So word hierby bekendgemaak dat die Kommissaris van Doeane die aanwysing van bogenoemde pakhuis herroep het.

✱ No. 968.] [16 Mei 1947.

HERROEPING VAN DIE AANWYSING VAN 'N DOEANEPAKHUIS.

Nademaal aansoek gedoen is om die herroeping van die aanwysing van die doeanepakhuis, geleë te Morrisonstraat 21, Durban, in die Provinsie Natal, wat by Goewermentskennisgewing No. 2200 van 3 Desember 1943, aangewys is vir die opberging van drank onder waarborg op naam van die firma Henry Tayler & Ries (Pty.), Ltd.;

So word hierby bekendgemaak dat die Kommissaris van Doeane die aanwysing van bogenoemde pakhuis herroep het.

✱ No. 969.] [16 Mei 1947.

AANSTELLING VAN WAARNEMENDE PROVINSIALE OUDITEUR, KAAP.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat dit Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag het om kragtens artikel *twee-en-negentig* van die Zuid-Afrika Wet, 1909, die aanstelling goed te keur van John Bramley, Hoof Inspekteur van Kaap Provinsiale Oudit, as Waarnemende Provinsiale Ouditeur, Kaapprovinsie, gedurende die afwesigheid met verlof van Edwin Cecil Mason vir die tydperk 2 Junie 1947, tot 16 Augustus 1947.

✱ No. 988.] [16 Mei 1947.

BANKWET, 1942.—VOORLOPIGE REGISTRASIE.

Ingevolge artikel *elf* (1) van die Bankwet, 1942, word hierby vir algemene inligting bekendgemaak dat ondervermelde nuwe instelling kragtens artikel *ses* van genoemde Wet voorlopig as 'n Depositonemende Instelling geregistreer is:—

Van Riebeeck Trustmaatskappy Beperk.

✱ No. 989.] [16 May 1947.

DEPARTMENT OF FINANCE.

Notice is hereby given that the Transfer Books of the 4 per cent. Local Registered Stock, 1951, will be closed from the 1st June, 1947, to the 1st July, 1947, both days inclusive, and that the dividend due on the 1st July next will be paid to the stockholders registered at the date of closing of the Transfer Books.

✱ No. 989.] [16 Mei 1947.

DEPARTEMENT VAN FINANSIES.

Hierby word bekendgemaak dat die oordragboeke van die plaaslike geregistreerde effekte van 4 persent, 1951, vanaf 1 Junie 1947 tot en met 1 Julie 1947 gesluit sal wees en dat die dividend wat op 1 Julie aanstaande betaalbaar is aan die effektehouers wat op die datum van die sluiting van die oordragboeke geregistreer is, betaal sal word.

✱ No. 999.] [16 May 1947.

SOUTH AFRICAN RESERVE BANK.

Statement pursuant to section *nineteen* (1) (*a*) of Act No. 29 of 1944, of Liabilities and Assets on the 9th day of May, 1947.

Liabilities.	£	s.	d.
Capital	1,000,000	0	0
Reserve Fund	2,121,690	1	3
Notes in Circulation	60,359,060	15	0
Deposits :—			
(*a*) Government	15,379,464	14	5
(*b*) Bankers	130,985,665	7	3
(*c*) Other	9,290,806	15	6
Bills Payable	—		
Other Liabilities	3,417,206	10	9
	£222,553,894	4	2

Assets.	£	s.	d.
Gold Coin and Bullion (at 172s. per oz. fine) of which £2,010,349. 6s. 7d. held outside Union	197,684,875	10	0
Subsidiary Coin	398,358	9	4
Bills Discounted :—			
(*a*) Domestic	500,000	0	0
(*b*) Foreign	9,284,701	11	8
Loans and Advances to the Government	—		
Other Loans and Advances	4,083,161	3	10
Government Securities	2,867,725	9	7
Other Securities	133,474	0	0
Other Assets	7,601,597	19	9
	£222,553,894	4	2

Ratio of gold reserves to liabilities to public, 91·6 per cent.

Signed this 13th day of May, 1947.

R. F. A. LOUW, Deputy Chief Cashier.

✱ No. 999.] [16 Mei 1947.

SUID-AFRIKAANSE RESERWEBANK.

Staat ingevolge artikel *negentien* (1) (*a*) van Wet No. 29 van 1944, van die Laste en Bates op die 9de dag van Mei 1947.

Laste.	£	s.	d.
Kapitaal	1,000,000	0	0
Reserwefonds	2,121,690	1	3
Note in omloop	60,359,060	15	0
Depositos van :—			
(*a*) Regering	15,379,464	14	5
(*b*) Bankiers	130,985,665	7	3
(*c*) Andere	9,290,806	15	6
Wissels te betaal	—		
Ander laste	3,417,206	10	9
	£222,553,894	4	2

Bates.	£	s.	d.
Goudmunt en staafgoud (teen 172s. per fyn ons) waarvan £2,010,349. 6s. 7d. buite die Unie gehou word	197,684,875	10	0
Pasmunt	398,358	9	4
Gediskonteerde wissels :—			
(*a*) Binnelandse	500,000	0	0
(*b*) Buitelandse	9,284,701	11	8
Lenings en Voorskotte aan die Regering	—		
Ander Lenings en Voorskotte	4,083,161	3	10
Regeringsekuriteite	2,867,725	9	7
Ander Sekuriteite	133,474	0	0
Ander Bates	7,601,597	19	9
	£222,553,894	4	2

Verhouding van goudreserwes tot verpligtings teenoor die publiek, 91·6 persent.

Geteken die 13de dag van Mei 1947.

R. F. A. LOUW, Onder Hoofkassier.

DEPARTMENT OF UNION EDUCATION.

✱ No. 984.] [16 May 1947.

UNIVERSITY OF THE WITWATERSRAND.—AMENDMENT OF REGUULATIONS.

It is hereby notified for general information that His Excellency the Governor-General has been pleased to approve, in terms of section *twenty-three* of Act No. 15 of 1921 of the amendment of the regulations framed by the Council of the University of the Witwatersrand in terms of section *twenty-four* of the said Act, as follows :—

UNIVERSITY OF THE WITWATERSRAND, JOHANNESBURG.

AMENDMENTS TO REGULATIONS.

REGULATIONS FOR DEGREES.

FACULTY OF ARTS.

Regulations for the Degree of B.A. in Fine Arts.

Regulation A.40.

Renumber as A.40 (*a*).

Insert new regulation :—

"A.40. (*b*) Every candidate for the degree will be required before entering upon the course, to satisfy the Head of the Department as to his ability to undertake the practical work."

DEPARTEMENT VAN UNIE-ONDERWYS.

✱ No. 984.] [16 Mei 1947.

UNIVERSITEIT VAN DIE WITWATERSRAND. WYSIGING VAN REGULASIES.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat dit Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag het om kragtens artikel *drie-en-twintig* van Wet No. 15 van 1921 sy goedkeuring te heg aan die volgende wysiging van regulasies wat deur die Raad van die Universiteit van die Witwatersrand kragtens artikel *vier-en-twintig* van genoemde Wet opgestel is :—

BYLAE A.

UNIVERSITEIT VAN DIE WITWATERSRAND, JOHANNESBURG.

WYSIGING VAN REGULASIES.

REGULASIES VIR GRADE.

Fakulteit van Lettere.

Regulasies vir die Graad B.A. in Skone Kunste.

Die huidige regulasie A.40 kry die *nuwe nommer* A.40 (*a*). *Voeg* die nuwe regulasie A.40 (*b*) in :—

„A.40 (*b*) Voordat 'n kandidaat vir die graad tot die kursus toegelaat word, moet hy die hoof van die departement daarvan oortuig dat hy in staat sal wees om die praktiese werk te onderneem."

Regulation A.41.

Add " The first qualifying course in *either* Painting *or* Sculpture ".

Delete " Anatomy ".

Add " Candidates shall also be required to attend satisfactorily a course in Anatomical Drawing ".

Regulation A.42.

Delete existing paragraph and *substitute* the following:—

" No candidate shall obtain credit in respect of any of the courses of the first year of study for the degree unless he has completed not fewer than three such courses at one and the same examination, and except by special permission of the Senate, no candidate may enter upon the work of the second year of study for the degree unless he has completed three of the following courses: History of the Fine Arts; drawing; Geometrical Drawing, Painting or Sculpture of the first year of study for the degree."

Regulation A.43 (*d*).

Delete " the first qualifying course in either Painting or Sculpture or Architecture " and *substitute* " Painting II or Sculpture II ".

Regulation A.44 (*c*).

Amend " Painting II or Sculpture II " to read " Painting III or Sculpture III ".

FACULTY OF SCIENCE.

Insert the following new regulations:—

Regulations for the Degree of Bachelor of Science in Soil Conservation.

S.18. Every candidate for the Degree of Bachelor of Science in Soil Conservation shall attend at the University for not less than *four* academic years as a registered matriculated student.

S.19. (*a*) The following qualifying courses shall be included in the first year of study: Chemistry, Geology, with Physiography and Meteorology, Botany, Zoology, Introduction to Soil Conservation (½ course).

(*b*) No candidate shall obtain credit in any of the qualifying courses of the first year of study unless he has completed not fewer than three such courses in the same academic year.

(*c*) No candidate shall be admitted to the work of the second year of study unless he has completed *three* of the qualifying courses of the first year of study.

S.20. (*a*) The following qualifying courses shall be included in the second year of study: Ecology (½ course), Climatology (½ course), Soil Science, Veld and Pasture Management I, Plant Protection, Conservation Engineering I.

(*b*) No candidate shall obtain credit in any of the qualifying courses of the second year of study unless he has completed not fewer than four such courses in the same academic year.

(*c*) No candidate shall be admitted to the work of the third year of study unless he has completed all the qualifying courses of the first year of study and has also completed, in the same academic year, four of the qualifying courses of the second year of study, two of which must be Veld and Pasture Management I and Conservation Engineering I.

S.21. (*a*) The following qualifying courses shall be included in the third year of study: Veld and Pasture Management II, Animal Husbandry, Crop Production and Conservation Farming I, Conservation Engineering II, Genetics and Breeding (½ course), Rural Economics and Policy (½ course).

(*b*) No candidate shall obtain credit in any of the qualifying courses of the third year of study unless he has completed not fewer than *four* such courses in the same academic year.

(*c*) No candidate shall be admitted to the work of the fourth year of study unless he has completed all the qualifying courses of the second year of study and has also completed, in the same academic year, four of the qualifying courses of the third year of study, one of which must be Crop Production and Conservation Farming I.

S.22. (*a*) The following qualifying courses shall be included in the fourth year of study: Crop Production and Conservation of Farming II, Forestry in relation to Conservation (½ course), Conservation Farming and Practice, Rural Economics and Policy (½ course).

(*b*) No candidate shall obtain credit in any of the qualifying courses of the fourth year of study unless he has completed not fewer than *two* such courses in the same academic year.

S.23. For the purpose of obtaining credit and of promotion, two half courses will be deemed to be equivalent to one full course.

S.24. The names of successful candidates in all examinations leading to the degree shall be published in three divisions.

Regulations S.18 to S.35.

Renumber as S.30 to S.47.

Regulasie A.41.

Voeg by „ Die eerste kwalifiserende kursus in Skilderkuns *of* Beeldhoukuns.".

Skrap „ Anatomie ".

Voeg by „ Van kandidate word 'n bevredigende bywoning van 'n kursus *in* Anatomiese Tekening vereis ".

Regulasie A.42.

Skrap bestaande paragraaf en *vervang deur*:—

„ Geen kandidaat sal erkenning ontvang vir enigeen van die kursusse van die eerste studiejaar vir die graad nie tensy hy *minstens* drie sulke kursusse in een en dieselfde eksamen voltooi het, en behalwe met spesiale vergunning van die Senaat, mag geen kandidaat 'n aanvang maak met die werk van die tweede studiejaar vir die graad nie, tensy hy drie van die volgende kursusse voltooi het: Geskiedenis van Skone Kunste; Tekening; Geometriese Tekening; Skilderkuns of Beeldhoukuns uit die eerste studiejaar vir die graad."

Regulasie A.43 (d).

Skrap „ die eerste kwalifiserende kursus òf in Skilderkuns òf in Beeldhoukuns òf in Boukunde " en *vervang deur* „ Skilderkuns II of Beeldhoukuns II ".

Regulasie A.44 (*c*).

Verander „ Skilderkuns II of Beeldhoukuns II " *na* „ Skilderkuns III of Beeldhoukuns III ".

FAKULTEIT VAN NATUURWETENSKAPPE.

Voeg die volgende nuwe regulasies by:—

Regulasies vir die Graad Baccalaureus Scientiae in Grondbewaring.

S.18. Alle kandidate vir die graad Baccalaureus Scientiae in Grondbewaring moet minstens vier akademiese jaargange as gematrikuleerde student klas loop aan die Universiteit.

S.19. (*a*) Die eerste studiejaar behels die volgende kwalifiserende kursusse: Chemie, Goelogie met Fisiografie en Meteorologie, Plantkunde, Dierkunde, Inleiding tot Grondbewaring (½ kursus).

(*b*) Geen kandidaat sal erkenning ontvang vir 'n kwalifiserende kursus in die eerste jaar nie, tensy hy drie sodanige kursusse in dieselfde akademiese jaar voltooi het.

(*c*) Geen kandidaat sal tot die werk van die tweede studiejaar toegelaat word nie voort hy *drie* van die kursusse vir die eerste studiejaar voltooi het.

S.20. (*a*) Die tweede studiejaar behels die volgende kwalifiserende kursusse: Ekologie (½ kursus), Klimatologie (½ kursus), Grondkennis, Beheer van Veld en Weiding I, Plantbeskerming, Bewaringingenieurswese I.

(*b*) Geen kandidaat sal erkenning vir 'n kwalifiserende kursus van die tweede studiejaar nie tensy hy minstens vier sodanige kursusse in dieselfde akademiese jaar voltooi het.

(*c*) Geen kandidaat sal tot die werk van die derde studiejaar toegelaat word nie voordat hy alle kwalifiserende kursusse van die eerste studiejaar, asook in dieselfde akademiese jaar vier van die kwalifiserende kursusse van die tweede studiejaar, waarby Beheer van Veld en Weiding I en Bewaringsingenieurswese I inbegrepe moet wees, voltooi het.

S.21. (*a*) Die derde studiejaar behels die volgende kwalifiserende kursusse: Beheer van Veld en Weiding II, Veeteelt, Produksie van Oeste en Plaasbewaring I, Bewaringsingenieurswese II, Genetika en Telery (½ kursus), Landelike Ekonomie en Beleid (½ kursus).

(*b*) Geen kandidaat sal erkenning ontvang vir 'n kwalifiserende kursus van die derde studiejaar nie tensy hy minstens *vier* sodanige kursusse in dieselfde akademiese jaar voltooi.

(*c*) Geen kandidaat sal tot die werk van die vierde studiejaar toegelaat word nie voordat hy alle kwalifiserende kursusse van die tweede studiejaar asook in dieselfde akademiese jaar vier van die kwalifiserende kursusse van die derde studiejaar, waarby inbegrepe moet wees Produksie van Oeste en Plaasbewaring I, voltooi het.

S.22. (*a*) Die volgende kwalifiserende kursusse moet in die vierde studiejaar ingesluit word: Produksie van Oeste en Plaasbewaring II, Bosbou in verband met Bewaring (½ kursus), Plaasbewaring en Metodes, Landelike Ekonomie en Beleid (½ kursus).

(*b*) Geen kandidaat sal erkenning vir kursusse in die vierde studiejaar ontvang nie, tensy hy minstens *twee* sodanige kursusse in dieselfde akademiese jaar voltooi het.

S.23. Vir die verkryging van erkenning en bevordering sal twee halwe kursusse gereken word as een volle kursus.

S. 24. Die name van alle geslaagde kandidate in graadeksamens sal in drie afdelings gepubliseer word.

Hernommer regulasies S.18-S.25 tot S.30-S.47.

FACULTY OF MEDICINE.

Regulations for the Degrees of Doctor of Medicine and Master of Surgery.

Add the following footnote to regulations M.34 (*a*) and M.38 (*a*):—

"Candidates may submit previously published work in support of a thesis presented for the degrees of Doctor of Medicine or Master of Surgery."

Regulation M.34.

Sub-section (*b*).

In line 4 *prefix* "(i)" to the paragraph "provided that a candidate . . . any further examination", and *add* the following:—

(ii) provided further that the holder of a post-graduate Diploma in the Faculty of Medicine of the University shall be exempted from the examination if his thesis falls within the same branch of Medical Service or Practice as that in which his diploma has been granted.

FACULTY OF ENGINEERING.

Regulations for the Degree of B.Sc. (Eng.).

Regulation E.9.

Delete whole of existing regulation and *substitute* the following:—

"The degree shall be awarded with distinction to those candidates who have attained, in the final examination the standard laid down by the Senate for that purpose."

Regulation E.23 (*a*).

Delete "Mathematics and Applied Mathematics (one course)" and *substitute*—

"Applied Mathematics.
Mathematics."

Regulation E.24 (*a*).

Delete "Advanced Transportation Engineering" and *substitute* "Advanced Highway Engineering".

Regulation E.24 (*b*).

Delete "at least five such courses" and *substitute* "at least four such courses".

Regulation E.34 (*a*).

Amend "Steam Engines and Mechanics of Fluids (one course)" to read "Mechanics of Fluids".

Delete "Light Current Electrical Engineering" and *substitute* "Radio Communication Engineering".

Regulation E.34 (*c*).

Delete "Light Current Electrical Engineering" and *substitute* "Radio Communication Engineering".

Regulation E.53 (*b*).

Amend second last line "at least *eight* such courses" to read "at least *seven* such courses".

Regulation E.54.

(*a*) *Delete* "the following ten", and *substitute* "the following eleven". *Add* "Factory Organisation".

(*b*) *Delete*.

(*c*) *Renumber* as (*b*).

(*d*) *Renumber* as (*c*).

FACULTY OF COMMERCE.

Regulations for the Degree of Bachelor of Commerce.

Regulation C.6

Delete "(*d*) Mercantile Law" and *substitute* "(*d*) Mercantile Law (including Elements of Company Law)".

Regulation C.8.

Delete "Accounting (General)" and *substitute* "Accounting".

Delete "Accounting (Municipal)" and "Accounting (Special)".

Add—

"Income Tax (half course)."
"Trustee and Executorship Accounts (half course)."

Insert after "Company Law (half course)" "Cost Accounting".

Regulation C.14.

Delete "(*d*) Mercantile Law I" and *substitute* "(*d*) Mercantile Law (including Elements of Company Law)".

Regulation C.16.

Delete "Accounting III".

Delete "Accounting (General" and *substitute* "Accounting".

Delete "Accounting (Municipal)" and "Accounting (Special)".

Add—

"Income Tax (half course)."
"Trustees and Executorship Accounts (half course)."

Insert after "Company Law (half course)" "Cost Accounting".

FACULTY OF LAW.

Regulations for the Degree of Bachelor of Laws.

Regulation L.4.

Amend "Introduction to the Study of Law" to read "Introduction to the Study of Law (including an Outline of the History of S.A. Law)".

FAKULTEIT VAN GENEESKUNDE.

Regulasies vir die Graad Dokter in die Medisyne en die Meestersgraad in Chirurgie.

Voeg die volgende voetnoot by regulasies M.34 (*a*) en M.38 (*a*):—

„Kandidate kan reeds gepubliseerde werk indien ter aanvulling van 'n proefskrif wat aangebied word vir die graad Doktor in die Medisyne en die Meestersgraad in Chirurgie".

Regulasie M.34.

Subseksie (*b*).

Voeg „(i)" vooraan die paragraaf „op voorwaarde dat 'n kandidaat . . . enige verdere eksamen" in reël 4 en *voeg* die volgende by:—

(ii) en ook op voorwaarde dat die besitter van 'n nagraadse diploma in die Fakulteit Geneeskunde van die Universiteit vrygestel sal wees van die eksamen as sy proefskrif dieselfde gebied in die mediese diens of praktyk dek as dié waarin sy diploma toegeken is.

FAKULTEIT VAN INGENIEURSWETENSKAPPE.

Regulasies vir die Graad B.Sc. (Ing.).

Regulasie E.9.

Skrap die hele bestaande regulasie en vervang dit deur die volgende:—

„Die graad sal met onderskeiding toegekend word aan die kandidate wat in die finale eksamen die standaard bereik het wat met daardie doel deur die Senaat vasgestel is."

Regulasie E.23 (*a*).

Skrap „Wiskunde en Toegepaste Wiskunde (een kursus)" en *vervang* deur—

„Toegepaste Wiskunde.
Wiskunde."

Regulasie E.24 (*a*).

Skrap „Gevorderde Waterboukunde" en *vervang* deur „Padboukunde".

Regulasie E.24 (*b*).

Skrap „Tenminste vyf sodanige kursusse" en *vervang* deur „Ten minste vier sodanige kursusse".

Regulasie E.34 (*a*).

Wysig „Stoommasjiene en die Meganika van Vloeistowwe (een kursus)" tot „Meganika van Vloeistowwe".

Skrap „Elektriese Werktuigkunde met Swak Stroom" en *vervang* deur „Tegniek van Radioverbindings".

Regulasie E.34 (*c*).

Skrap „Elektriese Werktuigkunde met Swak Stroom" en *vervang* deur „Tegniek van Radioverbindings".

Regulasie E.53 (*b*).

(2) Die voorwaardes van betaling is dat minstens een-vyfde van die koopprys op die verkoopdag en die saldo, wat rente teen vyf persent per jaar sal dra, in vyf gelyke jaarlikse paaiemente, gereken vanaf die verkoopdatum, betaal moet word. Niks sal die koper belet om indien hy dit verlang, die hele koopprys eerder af te betaal nie. By betaling van die laaste paaiement van die koopprys en registrasiegeld en by voorlegging van die hereregtekwitansie, sal 'n Kroongrondbrief aan die koper uitgereik word. Die koper is verplig om die hereregtekwitansie te toon wanneer hy daarom versoek word. Die Kroongrondbrief sal die voorwaardes bevat wat gewoonlik in Kroongrondbriewe opgeneem word en sal 'n spesiale verbod op die verkoop, of verhuur aan, of okkupasie deur nie-blankes, bevat.

(3) Alle transportkoste, insluitende hereregte, Kroongrondbriefregistrasiegeld (15s.), opmetingskoste (£1. 10s. per erf) en afslaersgelde moet deur die koper betaal word. Die afslaersgelde moet op die verkoopdag betaal word.

(4) Alle regte op minerale, mineraleprodukte, mineraalolies, metale en edelgesteentes op of onder die grond word deur die Goewerment voorbehou.

(5) Geen koste sal deur die Regering aangegaan word om die bakens van die grond aan te wys nie.

(6) Die eiendom is vanaf die datum van verkoop op risiko van die koper.

(7) Ingeval daar nie op bevredigende wyse aan die gestelde voorwaardes voldoen word nie, het die Regering die reg om die eiendom weer in besit te neem en bedrae wat betaal is, tesame met verbeterings wat na die datum van verkoop op die eiendom aangebring is, word verbeurd verklaar. In so 'n geval betaal die Regering geen vergoeding vir die verbeterings nie. Ingeval die koop nietig verklaar en die grond weer in besit geneem word soos voornoemd, moet al die koste wat die Regering in verband met die herinbesitneming aangegaan het, deur die koper gedra word.

(8) Die Departement het alles gedoen om die inligting in hierdie kennisgewing so noukeurig moontlik te maak maar is nie verantwoordelik vir moontlik onjuisthede daarin nie.

(9) Verdere voorwaardes kan op die verkoopdag bekendgemaak word.

(10) Die Regering behou hom die reg voor om enige erf aan die voorgestelde verkoping te onttrek ingeval onvoorsiene omstandighede so 'n stap noodsaaklik of raadsaam maak.

✱ No. 977.] [16 Mei 1947.

HOEWES BESKIKBAAR KRAGTENS DIE KROONGROND NEDERZETTINGS WET, 1912, SOOS GEWYSIG.

Gedurende 'n tydperk van ses weke vanaf die datum van die eerste publikasie van hierdie kennisgewing (wat dus op 19 Junie 1947 verstryk) en so lank daarna as die hoewes of enigeen daarvan nog nie toegeken is nie kan by die kantoor van die Provinsiale Verteenwoordiger, Departement van Lande, Kaapstad, aansoek gedoen word om die toekenning van die ondergenoemde hoewes geleë in die Provinsie

of on lease for a period of five (5) years, with the option of acquiring the land at any time during the currency of the lease, or at the expiration thereof, on terms of Conditional Purchase Lease extending over a period of sixty-five (65) years, under and subject to the provisions of the Land Settlement Act, 1912, and amending Acts, and any regulations published thereunder.

The Government reserves the right at any time to withdraw any or all of the holdings offered for allotment by this notice.

All application for holdings must be forwarded to:—

The Provincial Representative,
Department of Lands,
P.O. Box 747,
Cape Town,

on the prescribed forms which are obtainable from the abovementioned address or from the Magistrates of the Divisions in which the holdings are situated.

Kaap die Goeie Hoop volgens huurkontrak vir 'n termyn van vyf (5) jaar met die reg om die grond te eniger tyd gedurende die termyn van die huurkontrak of by verstryking daarvan aan te koop op voorwaardes van voorwaardelike koophuurkontrak wat oor 'n tydperk van vyf-en-sestig (65), jaar strek, ooreenkomstig en onderworpe aan die bepalings van die Kroongrond Nedersettings Wet, 1912, en wysigingswette, en regulasies daarkragtens afgekondig.

Die Goewerment behou die reg om al die hoewes wat in hierdie kennisgewing vir toekenning aangebied word, te eniger tyd terug te trek.

Alle aansoeke om hoewes moet gerig word aan:—

Die Provinsiale Verteenwoordiger,
Departement van Lande,
Posbus 747,
Kaapstad.

op die voorgeskrewe vorms wat verkrygbaar is van bogemelde adres of by die magistrate van die afdelings waarin die hoewes geleë is.

Holding No. *Hoewe No.*	HOLDINGS FOR DISPOSAL. Name, Number, and Division. *HOEWES BESKIKBAAR. Naam, nommer en afdeling.*		Area. *Grootte.* Morgen. *Morge.*	Sq. roods. *Vk. Roede.*	Sq. feet. *Vk. Voet.*	Purchase Price. *Koopprys.*	Rental during Lease Period, 1st and 2nd Years, Nil. *Huur gedurende huurtermyn, 1ste en 2de jaar, niks.* 3rd Year Yearly Rental. *3de jaar jaarlikse huur.*	4th and 5th Years, Yearly Rental. *4de en 5de jaar, jaarlikse huur.*	Yearly Purchase Instalments (including interest). *Jaarlikse paaimente van koopprys (rente inbegrepe).*
KAROS-BUCHUBERG SETTLEMENT/NEDERSETTING.									
DIVISION/AFDELING KENHARDT'									
1	(a) Garden Lot No. 250. (b) Building Lot No. 253, Buchuberg Settlement.	(a) Tuinperseel No. 150, (b) Bouperseel No. 253, Boegoebergnedersetting.	7·7411 1·3889	— —	— —	£ 518	£ s. d. 10 7 2	£ s. d. 19 8 6	£ s. d. 21 3 10
2	Garden Lot No. 38, Karos Settlement.	Tuinperseel No. 38, Karosnedersetting.	7	—	—	885	13 7 7	25 1 9	27 7 5
3	(a) Garden Lot No. 21, (b) Building Lot No. 271, Karos Settlement.	(a) Tuinperseel No. 21, (b) Bouperseel No. 271, Karosnedersetting.	5 1	— —	85,148 43,200	495	9 18 0	18 11 3	20 5 0
4	(a)(Garden Lot No. 520, (b) Building Lot No. 526, Buchuberg Settlement.	(a) Tuinperseel No. 520, (b) Bouperseel No. 526, Boegoebergnedersetting.	6·2052 1·5009	— —	— —	560	11 4 0	21 0 0	22 18 2
5	(a) Garden Lot No. 552, (b) Building Lot No. 562, Buchuberg Settlement.	(a) Tuinperseel No. 552, (b) Bouperseel No. 562, Boegoebergnedersetting.	7·2656 1·5000	— —	— —	500	10 0 0	18 15 0	20 9 1
6	(a) Garden Lot No. 804, (b) Building Lot No. 797, Buchuberg Settlement.	(a) Tuinperseel No. 804, (b) Bouperseel No. 797, Boegoebergnedersetting.	13·0195 1	— —	— 49,869	628	12 11 2	23 11 0	25 13 10
7	(a) Garden Lot No. 802, (b) Building Lot No. 794, Buchuberg Settlement.	(a) Tuinperseel No. 802, (b) Bouperseel No. 794, Boegoebergnedersetting.	16·6308 1	— —	— 33,600	676	13 10 5	26 7 0	27 13 1
8	(a) Garden Lot No. 867, (b) Building Lot No. 873, Buchuberg Settlement.	(a) Tuinperseel No. 867, (b) Bouperseel No. 873, Boegoebergnedersetting.	7 1	— —	44,862 33,600	566	11 6 5	21 4 6	23 3 1

DESCRIPTION OF HOLDINGS.

The distances of the holdings from the nearest town or railway Station, as given below, are approximate only.

The particulars regarding the holdings, such as improvements, water supply and the type of farming, for which the holdings are suitable, are based on inspection reports and applicants should satisfy themselves as to the correctness of the information furnished.

BESKRYWING VAN HOEWES.

Die afstande van die hoewes van die naaste dorp of spoorwegstasie soos hieronder aangegee is slegs volgens skatting.

Die besonderhede betreffende die hoewes, soos verbeterings, watervoorraad en die soort boerdery waarvoor die hoewes geskik is, is ontleen aan inspeksierapporte en applikante moet hulleself oortuig van die juistheid van die besonderhede wat verstrek word.

Holding No. 1.—52 miles from nearest town, Upington; nearest bus stop Kalkwerf.
Improvements consist of 30 fruit trees and dwelling-house.
Water Supply.—Karos-Buchuberg Canal.
General.—Holding is suitable for lucerne, sultanas, wheat, vegetables and other cereals.

Holding No. 2.—27 miles from nearest town, Upington; 1 mile from nearest bus stop, Karos.
Improvements consist of 8,000 sultanas trellissed on wire and poles and 2,500 sultanas not trellissed.
Water Supply.—Karos-Buchuberg Canal.
General.—Holding is suitable for lucerne, sultanas, wheat, vegetables and other cereals.
No building lot has yet been surveyed. After allotment arrangements will be made for the survey of a building lot. An advance (if applied for) will be granted to the successful applicant to erect a house approved by the Department and which must be completed within 2 years of allotment. This advance will be added to the purchase price as from date of next yearly payment of interest after completion.

Holding No. 3.—30 miles from nearest town, Upington; 3 miles from nearest bus stop, Karos.
Improvements consist of dwelling-house and wire mat.
Water Supply.—Karos-Buchuberg Canal.
General.—Holding is suitable for lucerne, sultanas, wheat, vegetables and other cereals.

Holding No. 4.—9 miles from nearest town, Groblershoop; 2 miles from nearest bus stop, Wegdraai.
Improvements consist of 8 fruit trees, wire mat and dwelling-house.
Water Supply.—Karos-Buchuberg Canal.
General.—Holding is suitable for lucerne, sultanas, wheat, vegetables and other cereals.

Holding No. 5.—8 miles from nearest town, Groblershoop; the nearest bus stop is Rheeders Stop.
Improvements consist of sultana mat and dwelling-house.
Water Supply.—Karos-Buchuberg Canal.
General.—Holding is suitable for lucerne, sultanas, wheat, vegetables and other cereals.

Holding No. 6.—8 miles from nearest town, Groblershoop; 4 miles from nearest bus stop, Skerpioenpunt.
Improvements consist of a dwelling-house.
Water Supply.—Buchuberg Canal.
General.—Holding is suitable for lucerne, sultanas, wheat, vegetables and other cereals.

Holding No. 7.—7 miles from nearest town, Groblershoop; 4 miles from nearest bus stop, Skerpioenpunt.
Improvements consist of a dwelling-house.
Water Supply.—Buchuberg Canal.
General.—Holding is suitable for lucerne, sultanas, wheat, vegetables and other cereals.

Holding No. 8.—8 miles from nearest town, Groblershoop; 2 miles from nearest bus stop, Buchuberg.
Improvements consist of 1 sultana wire mat and a dwelling-house.
Water Supply.—Buchuberg Canal.
General.—Holding is suitable for lucerne, sultanas, wheat, vegetables and other cereals.

SPECIAL CONDITIONS.

1. The following special conditions will be inserted in the leases which it is proposed to issue and in the Crown Grants to be issued later:—

(*a*) Giving the Government the right to resume the whole or a portion of any holding required for public purposes or outspan purposes on payment of compensation therefor;

Hoewe No. 1.—52 myl van naaste dorp, Upington; naaste bushalte Kalkwerf.
Verbeterings bestaan uit 30 vrugtebome en woonhuis.
Watervoorsiening.—Karos-Boegoebergkanaal.
Algemeen.—Hoewe is geskik vir lusern, sultanas, koring, groente en ander graangewasse.

Hoewe No. 2.—27 myl naaste dorp, Upington; 1 myl van naaste bushalte, Karos.
Verbeterings bestaan uit 8,000 sultanas opgelei op draad met pale en 2,500 sultanas onopgelei.
Watervoorsiening.—Karos-Boegoebergkanaal.
Algemeen.—Hoewe is geskik vir lusern, sultanas, koring, groente en ander graangewasse.
Daar is geen woonperseel uitgemeet nie. Na toekenning sal reëlings vir die opmeting van 'n bouperseel getref word. 'n Voorskot (indien gevra) sal aan suksesvolle applikant toegestaan word vir die bou van 'n huis, goedgekeur deur die Departement en wat binne 2 jaar vanaf datum van toekenning opgereig moet word. Hierdie voorskot sal by die koopprys gevoeg word vanaf die eerskomende betaaldatum van jaarlikse huur na voltooiing.

Hoewe No. 3.—30 myl van naaste dorp, Upington; 3 myl van naaste bushalte, Karos.
Verbeterings bestaan uit woonhuis en draadmat.
Watervoorsiening.—Karos-Boegoebergkanaal.
Algemeen.—Hoewe is geskik vir lusern, sultanas, koring, groente en ander gewasse.

Hoewe No. 4.—9 myl van naaste dorp, Groblershoop; 2 myl van naaste bushalte, Wegdraai.
Verbeterings bestaan uit 8 vrugtebome, draadmat en woonhuis.
Watervoorsiening.—Karos-Boegoebergkanaal.
Algemeen.—Hoewe is geskik vir lusern, sultanas, koring, groente en ander graangewasse.

Hoewe No. 5.—8 myl van naaste dorp Groblershoop; die naaste bushalte is Rheedersstop.
Verbeterings bestaan uit sultanamat en woonhuis.
Watervoorsiening.—Karos-Boegoebergkanaal.
Algemeen.—Hoewe is geskik vir lusern, sultanas, koring, groente en ander graangewasse.

Hoewe No. 6.—8 myl van naaste dorp Groblershoop; 4 myl van naaste bushalte, Skerpioenpunt.
Verbeterings bestaan uit 'n woonhuis.
Watervoorsiening.—Buchubergkanaal.
Algemeen.—Hoewe is geskik vir lusern, sultanas, koring, groente en ander graangewasse.

Hoewe No. 7.—7 myl van naaste dorp, Groblershoop; 4 myl van naaste bushalte, Skerpioenpunt.
Verbeterings bestaan uit 'n woonhuis.
Watervoorsiening.—Buchubergkanaal.
Algemeen.—Hoewe is geskik vir lusern, sultanas, koring, groente en ander graangewasse.

Hoewe No. 8.—8 myl van naaste dorp, Groblershoop; 2 myl van naaste bushalte, Buchuberg.
Verbeterings bestaan uit 1 sultanadraadmat en woonhuis.
Watervoorsiening.—Buchubergkanaal.
Algemeen.—Hoewe is geskik vir lusern, sultanas, koring, groente en ander graangewasse.

SPESIALE VOORWAARDES.

1. Onderstaande spesiale voorwaardes sal in die voorgestelde huurkontrakte en die daaropvolgende Kroongrondbriewe opgeneem word, waarby:—

(*a*) Aan die Goewerment die reg verleen word om teen betaling van skadevergoeding die hoewe of enige gedeelte daarvan vir publieke doeleindes of vir 'n uitspanning terug te neem;

(*b*) stipulating that roads and thoroughfares, whether they are described on the diagram or not, existing on the land shall remain free and uninterrupted, and requiring the lessee of any holding to grant to any adjacent or neighbouring proprietor a way or road of necessity to or from the land of such adjacent or neighbouring proprietor;

(*c*) governing the exploitation of minerals.

2. Without the consent of the Governor-General the holding or any portion thereof shall not be alienated to, mortgaged to, or let to, or worked on shares by a non-European or company in which non-European have a controlling interest.

Holding Nos. 1 *to* 8.—The undermentioned conditions will be inserted in the Leases and Crown Grants to be issued in respect of these holding:—

(*a*) The lessees will be responsible for the payment of all rates and other charges which may be levied from time to time in connection with water supply, cleaning of the canal, etc.

(*b*) The Government accepts no responsibility for any loss to the lessee, caused by the shortage of water or any limitation of water or any failure of crops as a result thereof or any damage caused by flood, filtration or overflow of water and he will have no claim whatsoever on the Government for the payment of compensation therefor.

Notwithstanding any shortage of water the lessee will remain liable for the payment of any rates that may be levied.

(*c*) The lessees are subject to the rules and regulations framed by the Committees of Management which were framed for the purpose of the control of matters of a general interest on the Settlement, e.g. grazing, locations, cemetries, impounding of stock, roads, bridges, etc.

(*d*) Every lessee of any plot or holding will be entitled to graze, free of charge, 10 head of large stock and 15 head of small stock on the communal grazing under control of the Committee of Management as determined in Government Notice No. 1465 of the 13th August, 1943, as amended. Nothing shall however, prevent him from keeping up to 25 head of large and small stock in a kraal on his holding.

(*e*) The lessee must care, cultivate, plant and irrigate his holding as may be directed or approved of by the Minister and the lessee must carry out all instructions or directions given him from time to time by the local representative to be instructed by and acting on behalf of the Minister, control the Settlement in connection with the care, cultivation, planting and irrigation of the holding, the spraying of trees and other crops, the prevention and combat of brak, soil erosion and other suchlike matters as he may deem necessary for assuring the successful working of the holding.

GENERAL CONDITIONS.

The leases to be issued will contain conditions relative to residence, improvements, fencing, minerals, outspans, roads, railway lines, and such other conditions as are usually inserted in the agricultural leases issued under the Land Settlement Act, 1912, and amending Acts.

The rentals, which are payable yearly in advance, are culculated on the purchase price on the following percentage basis:—

Rentals:

First and second years: Nil.
Third year: 2 per cent. per annum.
Fourth and fifth years: $3\frac{3}{4}$ per cent. per annum.
In the event of extension of lease after five years: $3\frac{3}{4}$ per cent.

(*b*) bepaal word dat bestaande paaie en deurgange vry en onbelemmerd moet bly, of hulle op die kaart aangetoon word of nie, en die huurder van die hoewe verplig word om aan enige aangrensende of naburige eienaar 'n noodweg of pad te gee na of van die grond van so'n aangrensende of naburige eienaar;

(*c*) die ontginning van minerale gereël sal word.

2. Sonder die toestemming van die Goewerneur-generaal mag die hoewe of enige gedeelte daarvan nie vervreem, verpand of verhuur word aan, of om 'n deel bewerk word deur 'n nie-blanke of 'n maatskappy waarin nie-blankes beherende belang het nie.

3. *Hoewes Nos.* 1 *tot* 8.—Die volgende voorwaardes sal by die huurkontrakte en kroongrondbriewe wat ten aansien van hierdie hoewes uitgereik word, ingelyf word:—

(*a*) Die huurders is verantwoordelik vir die betaling van alle belastings en ander koste ten opsigte van watervoorsiening, skoonmaak van kanaal, ens. wat van tyd tot tyd gehef word.

(*b*) Die Regering aanvaar geen aanspreeklikheid vir enige verlies wat die huurder mag ly wat veroorsaak word deur waterskaarste of beperking van water of misoeste as gevolg daarvan, of skade wat deur oorstroming, deursypeling of oorlopende water veroorsaak word nie en hy het geen eis teen die Regering vir vergoeding daarvan nie.

Nieteenstande moontlike waterskaarste, bly die huurder nog aanspreeklik vir die betaling van belasting wat gehef word.

(*c*) Die huurders is onderworpe aan die reglement opgestel deur die Komitees van Beheer, wat in die lewe geroep is vir die beheer van alle sake van algemene belang op die nedersetting, soos b.v. weiding, lokasies, begrafplase, skut van vee, paaie, brûe, ens.

(*d*) *Weiding.*—Elke huurder het die reg om 10 stuks grootvee en 15 stuks kleinvee, kosteloos te laat wei op die gesamentlike weiveld onder beheer van die Komitee van Beheer, soos bepaal deur Goewermentskennisgewing No. 1465 van 13 Augustus 1943, soos gewysig. Niks verhinder hom egter om tot 25 stuks groot- en kleinvee meer as die kwota in 'n kraal op sy hoewe aan te hou nie.

(*e*) Die huurder moet die hoewe op sodanige wyse bewerk, bebou, beplant en besproei as wat deur die Minister voorgeskrywe of goedgekeur word en die huurder moet gevolg gee aan alle instruksies of voorskrifte wat van tyd tot tyd deur die plaaslike beampte wat op gesag van die Minister van Lande met die toesig van die nedersetting belas is, gegee word in verband met die bewerking, bebouing, beplanting en besproeiing van die hoewe, die bespuiting van bome of ander oeste, die voorkoming en bestryding van brak, grondverspoeling en ander dergelike sake wat hy nodig ag vir die versekering van die behoorlike bewerking van die hoewe.

ALGEMENE VOORWAARDES.

Die huurkontrak wat uitgereik sal word, sal voorwaardes bevat in verband met bewoning, verbeteringe, omheining, minerale, uitspannings, paaie, spoorweglyne en ander voorwaardes wat gewoonlik gestel word in landbou-huurkontrakte, uitgereik kragtens die Kroongrond Nederzettings Wet, 1912, en Wysigingswette.

Die huurgeld wat jaarliks vooruitbetaal moet word, word bereken op die koopprys volgens onderstaande persentasie-basis:—

Huurgeld:

Eerste en tweede jaar; Niks.
Derde jaar: 2 persent per jaar.
Vierde en vyfde jaar: $3\frac{3}{4}$ persent per jaar.
Ingeval van verlenging van huurkontrak na vyf jaar: $3\frac{3}{4}$ persent per jaar.

In the event of the option of conditional purchase being exercised the purchase price becomes payable in 65 equal yearly instalments, which include capital and interest, the latter being calculated at the rate of 3¾ per cent.

The rent paid during the lease period is not deducted from the purchase price if the option to purchase is exercised.

Occupation.—The leases to be issued will contain conditions to the effect that the lessees shall personally reside on and beneficially occupy the holdings allotted within a period of three months from the date of allotment, and thereafter for a period of at least ten months during every calender year.

Ploughing and Grazing.—The leases to be issued will contain a condition to the effect that the Minister of Lands reserves the right to limit the total area which may be ploughed, planted, cultivated or sown on the holdings and to control grazing thereon.

Boreholes.—A clause will be inserted in the leases to be issued giving the Government access to and the right to take water from boreholes which may be on the holdings, or which may be sunk after allotment with Government assistence, for drilling purposes on other Crown land, during a period of five years from the date of the lease or date of completion of the borehole, as the case may be.

It will be a condition of lease that the successful applicant for any of the above holdings on which boreholes exist or may be sunk after allotment will be held responsible for the proper care and maintenance of the borehole or boreholes on his holding, and shall be liable for any damage caused thereto. He must, therefore, on no account raise water without proper pumping machinery.

Some boreholes are equiped with hand-pumps or other pumping plants. In cases where no pumping plants have been erected inquiries as to the most suitable machinery to be utilized in connection with such boreholes should be made to the Director of Irrigation, Pretoria, by the successful applicants before proceeding to erect pumping machinery.

Surveys.—Should it at any time be found necessary to resurvey a holding, or take out a certificate of amended title, owing to errors in the existing survey, all costs incidental to such survey or certificate of amended title must be borne by the lessee. Should it be found that the holding is of greater extent than that stated in this notice the lessee shall benefit thereby, without any increase of purchase price being made; on the other hand, should the area be found to be less than that stated in this notice, the lessee shall accept such lesser area without reduction of the purchase price, and no claim against the Government will exist in respect of any reduced area.

Alienation, Division, etc.—The holdings hereby advertised are subject to the provisions of section *nine* of Act No. 45 of 1937 (as substituted by section *three* of Act No. 42 of 1944), sub-sections (1) and (2) of which read as follows:—

" 9. (1) Every Crown Grant or deed of transfer of a holding issued or passed by the State after the commencement of the Land Settlement Amendment Act, 1944, shall contain a condition that no alienation, hypothecation, encumbrance by means of a servitude (other than a servitude of usufructus, usus or habitatio), lease in *longum tempus* or division of the land comprised in the holding, or of any portion thereof or undivided share therein, shall be effected without the consent, in writing, of the Minister, granted upon the recommendation of the board, on such conditions as the Minister may think fit to impose; and the said condition shall be included in every subsequent conveyance of such land or any portion thereof or individed share therein.

Ingeval die opsie van voorwaardelike aankoop uitgeoefen word, is die koopprys betaalbaar in 65 gelyke jaarlikse paaiemente wat kapitaal en rente insluit. Laasgenoemde word bereken teen 'n rentekoers van 3¾ persent.

Die huurgeld gedurende die huurtermyn betaal, word nie van die koopprys afgetrek as die opsie van aankoop uitgeoefen word nie.

Inbesitneming.—Die huurkontrakte wat uitgereik sal word, sal die bepalings bevat dat die huurders die hoewes wat aan hulle toegeken word, persoonlik en op nuttige wyse moet bewoon binne drie maande vanaf die datum van toekenning en daarna vir minstens tien maande elke kalender-jaar.

Ploeëry en weiding.—Die huurkontrakte wat uitgereik sal word, sal 'n voorwaarde bevat dat die Minister van Lande die reg voorbehou om die totale oppervlakte wat op die hoewes geploeg, beplant, bewerk of gesaai mag word, te beperk en om weiding daarop te beheer.

Boorgate.—Die huurkontrakte wat uitgereik sal word, sal 'n klousule bevat wat die Goewerment die reg van toegang verleen tot, en die reg om water te neem uit, boorgate wat reeds op die hoewes gemaak is of na toekenning met ondersteuning van Staatsweë gemaak mag word, vir boordoeleindes op ander Kroongrond gedurende 'n termyn van vyf jaar vanaf die datum van die huurkontrak of die datum van voltooiing van die boorgat, na gelang van die geval.

'n Voorwaarde van die huurkontrak sal wees dat die suksesvolle applikant om enigeen van bogenoemde hoewes waarop boorgate bestaan of na toekenning gemaak mag word, verantwoordelik gehou sal word vir die behoorlike oppas en instandhouding van die boorgat of boorgate op sy hoewe en aanspreeklik sal wees vir enige skade daaraan veroorsaak. Hy moet derhalwe in geen geval sonder behoorlike pompmasjinerie water daaruit trek nie.

Sommige boorgate is met handpompe of ander pomptoestelle toegerus. In gevalle waar geen pomptoestelle opgerig is nie, behoort die suksesvolle applikant alvorens pompmasjinerie op te rig, by die Direkteur van Besproeiing, Pretoria, navraag te doen betreffende die masjinerie wat die geskikste is vir gebruik in verband met die boorgate.

Opmetings.—Indien dit ooit noodsaaklik blyk om die hoewe opnuut op te meet of 'n sertifikaat van gewysigde titel uit te neem weens foute in die bestaande opmeting, moet alle koste van so'n opmeting of sertifikaat deur die huurder gedra word. Indien dit blyk dat die hoewe groter is as in hierdie kennisgewing vermeld, kom die voordeel daarvan aan die huurder toe sonder dat die koopprys van die hoewe verhoog word; blyk dit daarenteen dat die grond kleiner is as in hierdie kennisgewing vermeld, moet die huurder dit aanvaar sonder vermindering van die koopprys en in so'n geval het hy, ten opsigte daarvan, geen eis teen die regering nie.

Vervreemding, verdeling, ens.—Die hiermee geadverteerde hoewes is onderworpe aan die bepalinge van artikel *nege* van Wet No. 45 van 1937 (soos vervang deur artikel *drie* van Wet No. 42 van 1944), waarvan subartikels (1) en (2) soos volg lui:—

„ 9. (1) Elke Kroongrondbrief of transportakte van 'n hoewe wat na die inwerkingtreding van die Wysigingswet op Nedersettings, 1944, deur die Staat uitgereik of gepasseer word, bevat 'n voorwaarde dat geen vervreemding, verhipotekering, beswaring deur 'n serwituut (behalwe 'n serwituut van vruggebruik, van gebruik of van bewoning), verhuring *in longum tempus* of verdeling van die grond wat die hoewe uitmaak, ofvan enige gedeelte daarvan of onverdeelde aandeel daarin, bewerkstellig mag word nie sonder die skriftelike toestemming van die Minister, verleen op aanbeveling van die raad, op sulke voorwaardes as wat die Minister wenslik ag om te stel; en genoemde voorwaarde word in elke daaropvolgende oordrag van sodanige grond of 'n gedeelte daarvan of onverdeelde aandeel daarin opgeneem.

(2) The consent of the Minister to any particular hypothecation, encumbrance or lease of such land, granted in pursuance of the condition mentioned in sub-section (1), shall not be constructed as authorizing any subsequent or other such hypothecation, encumbrance or lease."

Residence by Other Persons.—The leases to be issued in respect of the holdings hereby advertised will also contain the following condition (imposed by section *twenty-eight* of the Land Settlement Act, 1912, as amended by section *two* of the Land Settlement Amendment Act, 1944):—

" It is a condition of this lease and of any Crown Grant which may later be issued in respect of the holding that the lessee shall not without the written consent of the Minister permit any European other than his wife, his daughters or his minor sons to reside on the holding, whether in the same house with him or otherwise; and this condition shall be embodied in the Crown Grant and in every subsequent conveyance of the land hereby leased. The Minister shall have power to enforce compliance with this condition against any such holder of a Crown Grant or transferee."

GENERAL REMARKS.

Issue of Crown Grants.—If not less than ten years have expired since the date of commencement of a lease and the lessee has complied in all respects with such provisions of the Land Settlement Act, 1912, and amending Acts, as are applicable to him, and with the terms and conditions of the lease, he shall be entitled to a Crown Grant.

A Crown Grant of a holding may, in special circumstances, with the approval of the Governor-General be issued before the expiry of a period of ten years from the date of commencement of a lease.

If a lessee, after five years' tenancy, can satisfy the Landboard that the value of his holding with permanent and substantial improvements exceeds by one-fourth the total indebtedness of the lessee to the Government, the Minister is empowered in terms of section *eight* of Act No. 21 of 1922 to issue a Crown Grant and accept a mortgage bond for the total amount of the indebtedness.

Fencing.—In the event of the Government being required, in terms of the Fencing Act, 1912 (No. 17 of 1912), or any amendment thereof to contribute towards the cost of fencing the boundaries, or any part thereof, of any of the holdings advertised in this notice, or to accept liability for the payment of such contribution prior to the registration of the lease, the successful applicant shall, on allotment being made to him, assume liability for the payment of such contribution. The amount of such contribution shall be paid by him to the Government in cash, or at his option may be added to the purchase price of the holding, in which case the rental payments on the purchase price shall be increased accordingly. The successful applicants for any of the holdings on which the boundaries or part thereof are fenced shall accept liability under the Fencing Act, 1912, or any amendment thereof, for any amounts which may be claimed by adjoining owners in terms of the said Act.

Miscellaneous.—In the case of accidents to persons or cattle consequent on the existence of shafts, tunnels, and other conditions arising out of prospecting and mining operations undertaken prior to the date of the commencement of the lease, the lessee shall not be entitled to compensation from the Government or the prospector or claimholder.

(2) Dit word nie beskou dat die toestemming van die Minister tot 'n bepaalde verhipotekering, beswaring of verhuring van sodanige grond, ingevolge die in subartikel (1) bedoelde voorwaarde verleen 'n latere of ander sodanige verhipotekering, beswaring of verhuring veroorloof nie."

Bewoning deur ander persone.—Die huurkontrakte wat ten opsigte van die hiermee geadverteerde hoewes uitgereik sal word, sal ook die volgende voorwaarde (opgelê deur artikels *agt-en-twintig* van die Kroongrond Nederzetting Wet, 1912, soos gewysig by artikel *twee* van die Wysigingswet op Nedersettings, 1944), bevat:—

„ Dit is 'n voorwaarde van hierdie huurkontrak en van 'n Kroongrondbrief wat later ten aansien van die hoewe uitgereik mag word dat die huurder nie sonder die skriftelike toestemming van die Minister 'n ander blanke as sy eggenote, sy dogters of sy minderjarige seuns mag toelaat om op die hoewe te woon nie, hetsy by hom in dieselfde huis of andersinds; en hierdie voorwaarde moet in die Kroongrondbrief en in elke daaropvolgende oordrag van die hiermee verhuurde grond opgeneem word. Die Minister is bevoeg om die nakoming van hierdie voorwaarde deur so'n houer van 'n Kroongrondbrief of oordragnemer af te dwing.

ALGEMENE OPMERKINGS.

Uitreiking van Kroongrondbriewe.—Indien minstens tien jaar vanaf die datum van die aanvang van 'n huurkontrak verstryk het en die huurder in alle opsigte voldoen het aan die bepalings van die Kroongrond Nederzettings Wet, 1912, en Wysigingswette, wat op hom van toepassing is, insluitende die terme en voorwaardes van die huurkontrak, sal hy geregtig wees op 'n kroongrondbrief.

'n Kroongrondbrief van 'n hoewe kan in spesiale omstandighede met toestemming van die Goewerneur-generaal uitgereik word voor afloop van 'n termyn van tien jaar na die datum van die aanvang van 'n huurkontrak.

As 'n huurder, na vyf jaar vanaf die datum van aanvang van 'n huurkontrak, die Landraad kan oortuig dat die waarde van sy hoewe met permanente verbeteringe van 'n deeglike aard een-vierde meer bedra as die totale skuld van die huurder aan die Goewerment, is die Minister kragtens artikel *agt* van Wet No. 21 van 1922, bevoegd om 'n kroongrondbrief uit te reik en vir die totale bedrag van die skuld 'n verband te neem.

Omheinings.—Ingeval die Goewerment, ingevolge die Omheiningswet, 1912 (Wet No. 17 van 1912), of enige wysiging daarvan, tot bestryding van die koste van die grensheining of enige gedeelte daarvan ten opsigte van enigeen van die hoewes in hierdie kennisgewing geadverteer moet bydra, of aanspreeklikheid vir die betaling van 'n bydrae moet aanvaar voor die registrasie van die huurkontrak, moet die suksesvolle applikant by die toekenning van 'n hoewe aan hom aanspreeklikheid vir die betaling van so 'n bydrae aanvaar. Die bedrag van so 'n bydrae moet deur hom in kontant aan die Goewerment betaal word, of kan, as hy dit verkies, by die koopprys van die hoewe gevoeg word, en in so'n geval word die bedrag van die huur op die koopprys dienooreenkomstig verhoog. Die suksesvolle applikante om enige van die hoewes wat heeltemal of gedeeltelik omhein is, moet ooreenkomstig die Omheiningswet, 1912, of enige wysiging daarvan, aanspreeklikheid aanvaar vir enige bedrae wat deur die eienaars van aangrensende plase kragtens genoemde Wet geëis mag word.

Algemeen.—In geval van ongelukke van persone of vee wat plaasvind as gevolg van die bestaan van skagte, tonnels en ander toestande veroorsaak deur prospekteer- en mynwerksaamhede onderneem voor die datum van die aanvang van die huurkontrak, is die huurder nie geregtig op vergoeding van die kant van die Goewerment of die prospekteerder of die kleinhouer nie.

All rights to minerals, mineral products, mineral oils, metals, and precious stones are reserved to the Crown unless otherwise stated in this notice.

The Department has made every effort to render as accurate as possible the information given in this notice, but does not hold itself responsible for any inaccuracies which may be contained in this notice.

Applicants are recommended to inspect the holdings personally before formally applying therefor. In considering applications for holdings, Land Boards decline, as a rule, to recommend allotments to applicants who have failed to inspect personally or to have had inspected on their behalf the holdings applied for. No railway or transport concessions are given by the Government in connection with the inspection of holdings.

Occupation can be granted immediately upon allotment, unless other provision be made in the letter of allotment.

Die Goewerment behou alle regte op minerale, mineraalprodukte, mineraalolies, metale en edelgesteentes tensy anders vermeld in hierdie kennisgewing.

Die Departement het alle pogings aangewend om die inligting in hierdie kennisgewing vervat, so juis moontlik te versterk, maar is nie aanspreeklik vir moontlike onjuisthede daarin nie.

Applikante word aangeraai om die hoewes persoonlik te besigtig alvorens aansoek daarom te doen. Landrade is, by die oorweging van aansoeke om hoewes, in die reël nie geneig om aan te beveel dat toekennings gemaak word aan applikante wat versuim het om die hoewes waarom hulle aansoek gedoen het, persoonlik te besigtig of deur iemand anders namens hulle te laat besigtig nie. Die Goewerment staan geen spoorweg of ander vervoerkonsessies in verband met die besigtiging van hoewes toe nie.

Inbesitneming kan onmiddellik na toekenning toegestaan word tensy in die brief van toekenning anders bepaal word.

DEPARTMENT OF IRRIGATION.

✱ No. 973.] [16 May 1947.

REGULATIONS FOR THE HIRE OF GOVERNMENT BORING MACHINES.

It is hereby notified in terms of sub-regulation (1) of regulation *one* of the regulations for the hire of Government water boring machines, published in Government Notice No. 967 dated the 10th May 1946, that applications for the hire of Government water boring machines from applicants whose properties are situate within the driling zones set out hereunder, will continue to be considered for acceptance by the Department of Irrigation until further notice.

Applicattions should be made on the prescribed form, copies whereof are obtainable at the offices of the magistrates of the districts referred to, and must be submitted through the magistrate of the district in which the property on which boring is desired is situated. A separate application must be submitted in respect of each property held under a separate title deed.

List of districts to which this notice applies:—

1. Transvaal Province—The Magisterial Districts of Zoutpansberg and Marico.

2. Cape Province.—The Magisterial Districts of Mafeking, Vryburg, Kuruman, Taungs, Barkly West, Gordonia, Hay, Kenhardt, Prieska, Carnarvon, Williston, Fraserburg, Sutherland, Calvinia, Clanwilliam, Van Rhynsdorp, Namaqualand.

L. A. MACKENZIE,
Director of Irrigation.

DEPARTEMENT VAN BESPROEIING.

✱ No. 973.] [16 Mei 1947.

REGULASIES VIR DIE HUUR VAN STAATSWATERBOORMASJIENE.

Hierby word ingevolge sub-regulasie (1) van regulasie *een* van die regulasies vir die huur van Staatswaterboormasjiene, gepubliseer in Goewermentskennisgewing No. 967 van 10 Mei 1946 bekendgemaak dat aansoeke vir die huur van Staatswaterboormasjiene van applikante wie se eiendomme binne ondergenoemde boorgebiede geleë is, nog tot nadere kennisgewingdeur die Departement van Besproeiing vir aanname oorweeg sal word.

Aansoeke moet op die voorgeskrewe vorm gedoen word waarvan afskrifte verkrygbaar is by die kantore van die magistrate van die vermelde distrikte, en moet ingedien word deur die magistraat van die distrik waarin die eiendom waarop boorwerk verlang word, geleë is. 'n Afsonderlike aansoek moet ten opsigte van elke eiendom wat onder 'n aparte transportakte gehou word, ingedien word.

Lys van distrikte waarop hierdie kennisgewing betrekking het:—

1. Provinsie Transvaal.—Die magistraatsdistrikte Zoutpansberg en Marico.

2. Kaapprovinsie.— Die magistraatsdistrikte Mafeking, Vryburg, Kuruman, Taungs, Barkly West, Gordonia, Hay, Kenhardt, Prieska, Carnarvon, Williston, Fraserburg, Sutherland, Calvinia, Clanwilliam, Van Rhynsdorp, Namaqualand.

L. A. MACKENZIE,
Direkteur van Besproeiing.

DEPARTMENT OF LABOUR.

✱ No. 978.] [16 May 1947.

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1937.

PRINTING AND NEWSPAPER INDUSTRY.

I, Colin Fraser Steyn, Minister of Labour, do hereby—

(*a*) in terms of sub-section (1) of section *forty-eight* of the Industrial Conciliation Act, 1937, declare that all the provisions of the Agreement which appears in the Schedule hereto (hereinafter referred to as the " Amending Agreement "), which relates to the Printing and Newspaper Industry and which further amends the Agreements published

DEPARTEMENT VAN ARBEID.

✱ No. 978.] [16 Mei 1947.

NYWERHEID-VERSOENINGSWET, 1937.

DRUK- EN NUUSBLADNYWERHEID.

Ek, Colin Fraser Steyn, Minister van Arbeid, verklaar hierby—

(*a*) kragtens subartikel (1) van artikel *ag-en-veertig* van die Nywerheid-versoeningswet, 1937, dat al die bepalings van die Ooreenkoms wat in die Bylae verskyn (hierna die „ Wysigingsooreenkoms " genoem), wat betrekking het op die druk- en nuusbladnywerheid en wat die Ooreenkomste

under Government Notices Nos. 1835, 1839 and 1841 of the 20th September, 1946, shall be binding from the 19th day of May, 1947, and for the period ending the 31st day of December, 1949, upon the employers' organizations and trade union which entered into the Amending Agreement and upon the employers and employees who are members of those organizations or that union;

(*b*) in terms of sub-section (2) of section *forty-eight* of the said Act, declare that from the 19th day of May, 1947, and for the period ending the 31st day of December, 1949, the provisions contained in clauses 2, 4 and 5 of the Amending Agreement shall in the Union of South Africa and the provisions contained in clause 3 of the Amending Agreement shall in the Magisterial Districts of Pretoria, Johannesburg, Krugersdorp, Roodepoort, Germiston, Boksburg, Benoni, Brakpan, Springs, Nigel, Heidelberg, Vereeniging, the Cape, Wynberg, Simonstown, Bellville, Durban, Port Elizabeth, East London, Bloemfontein, Kimberley and Pietermaritzburg, be binding upon the other employers and employees engaged or employed in the said Industry; and

(*c*) in terms of sub-section (4) of section *forty-eight* of the said Act, declare that from the 19th day of May, 1947, and for the period ending the 31st day of December, 1949, the provisions contained in clauses 2 and 4 of the Amending Agreement shall in the Union of South Africa and the provisions contained in clause 3 of the Amending Agreement shall in the Magisterial Districts of Pretoria, Johannesburg, Krugersdorp, Roodepoort, Germiston, Boksburg, Benoni, Brakpan, Springs, Nigel, Heidelberg, Vereeniging, the Cape, Wynberg, Simonstown, Bellville, Durban, Port Elizabeth, East London, Bloemfontein, Kimberley and Pietermaritzburg, *mutatis mutandis* apply in respect of such persons as are not included in the definition of the expression " employee " contained in section *one* of the said Act.

C. F. STEYN,
Minister of Labour.

SCHEDULE.

NATIONAL INDUSTRIAL COUNCIL OF THE PRINTING AND NEWSPAPER INDUSTRY OF SOUTH AFRICA.

AGREEMENT

in accordance with the provisions of the Industrial Conciliation Act, 1937, the following Agreement was made and entered into by and between—

The Federation of Master Printers of South Africa

and

The Newspaper Press Union of South Africa,

hereinafter referred to as the " employers' organizations " of the one part; and

The South African Typographical Union,

hereinafter referred to as the " trade union " of the other part, being the parties to the National Industrial Council of the Printing and Newspaper Industry of South Africa.

1. This Agreement shall come into operation on a date to be fixed by the Minister of Labour in terms of section *forty-eight* of the Act and shall continue in force for such period as may be determined by him.

2. The following schedule of wages shall become operative for the areas concerned in substitution for the wages specified in Tables I, I (*a*), II, III, IV, V, VI, VII, VIII, IX, X, XI, XII of section 4 (1) of the Agreement published under Government Notice No. 1835 of the 20th September, 1946, as amended by Government Notice No. 90, dated the 17th January, 1947, which Schedule shall be deemed to be Tables I, I (*a*), II, II (*a*), III, IV, V, V (*a*), VI, VII, VIII, IX, X, XI, and XII of the said Agreement, and be subject to all the terms of the said Agreement as though therein incorporated, and which Agreement shall be deemed to be amended accordingly:—

afgekondig by Goewermentskennisgewing Nos. 1835, 1839 en 1841 van 20 September 1946, verder wysig, vanaf die 19de dag van Mei 1947, en vir die tydperk wat eindig op die 31ste dag van Desember 1949, bindend is op die werkgewersorganisasie en vakvereniging wat die Wysigingsooreenkoms aangegaan het en op die werkgewers en werknemers wat lede is van daardie organisasies of daardie vereniging;

(*b*) kragtens subartikel (2) van artikel *ag-en-veertig* van genoemde Wet dat vanaf die 19de dag van Mei 1947, en vir die tydperk wat eindig op die 31ste dag van Desember 1949, die bepalings vervat in klousules 2, 4 en 5 van die Wysigingsooreenkoms in die Unie van Suid-Afrika en die bepalings vervat in klousule 3 van die Wysigingsooreenkoms in die magistraatsdistrikte Pretoria, Johannesburg, Krugersdorp, Roodepoort, Germiston, Boksburg, Benoni, Brakpan, Springs, Nigel, Heidelberg, Vereeniging, die Kaap, Wynberg, Simonstad, Bellville, Durban, Port Elizabeth, Oos-Londen, Bloemfontein, Kimberley en Pietermaritzburg, bindend is op die ander werkgewers en werknemers betrokke by of in diens van genoemde nywerheid; en

(*c*) kragtens subartikel (4) van artikel *ag-en-veertig* van genoemde Wet dat vanaf die 19de dag van Mei 1947, en vir die tydperk wat eindig op die 31ste dag van Desember 1949, die bepalings vervat in klousules 2 en 4 van die Wysigingsooreenkoms in die Unie van Suid-Afrika en die bepalings vervat in klousule 3 van die Wysigingsooreenkoms in die magistraatsdistrikte Pretoria, Johannesburg, Krugersdorp, Roodepoort, Germiston, Boksburg, Benoni, Brakpan, Springs, Nigel, Heidelberg, Vereeniging, die Kaap, Wynberg, Simonstad, Bellville, Durban, Port Elizabeth, Oos-Londen, Bloemfontein, Kimberley en Pietermaritzburg, *mutatis mutandis* van toepassing is ten opsigte van persone wat nie by die woordomskrywing van die uitdrukking ,, werknemer " vervat in artikel *een* van genoemde Wet ingesluit is nie.

C. F. STEYN.
Minister van Arbeid.

BYLAE.

NASIONALE NYWERHEIDSRAAD VIR DIE DRUK- EN NUUSBLADNYWERHEID VAN SUID-AFRIKA.

OOREENKOMS

ingevolge die bepalings van die Nywerheid-versoeningswet, 1937, is die volgende Ooreenkoms aangegaan deur en tussen—

,, The Federation of Master Printers of South Africa "

en

,, The Newspaper Press Union of South Africa ",

hierna genoem die ,, werkgewersorganisasies ", aan die een kant; en

,, The South African Typographical Union ",

hierna genoem die ,, vakvereniging ", aan die ander kant; wat die partye is by die Nasionale Nywerheidsraad vir die Druk- en Nuusbladnywerheid van Suid-Afrika.

1. Hierdie Ooreenkoms tree in werking op 'n datum wat die Minister van Arbeid bepaal kragtens artikel *ag-en-veertig* van die Wet en bly van krag vir die tydperk wat hy bepaal.

2. Die volgende loontarief word vir die betrokke gebiede van krag in plaas van die lone bepaal in Tabelle I, I (*a*), II, III, IV, V, VI, VII, VIII, IX, X, XI, XII van artikel 4 (1) van die Ooreenkoms bekendgemaak by Goewermentskennisgewing No. 1835 van 20 September 1946, soos gewysig by Goewermentskennisgewing No. 90, gedateer 17 Januarie 1947, en die loontarief word beskou as Tabelle I, I (*a*), II, II (*a*), III, IV, V, V (*a*), VI, VII, VIII, IX, X, XI en XII van gemelde Ooreenkoms te wees, en is onderworpe aan alle bepalings van gemelde Ooreenkoms asof dit deel daarvan uitmaak, en die Ooreenkoms word beskou dienooreenkomstig gewysig te wees:

TABLE I.

Weekly Wages Payable to Journeymen.

DAY WORK.

Area.	Journeymen.	Foremen, Offset Litho, Two-colour Perfecting and Rotary Machine Minders, Rotary Cellulose Film Converter-operators.	T.M. Operators.	Operator-mechanics.
	Scale 1.	Scale 2.	Scale 2.	Scale 3.
	£ s. d.	£ s. d.	£ s. d.	£ s. d.
"B"...	7 0 3	7 14 3	7 17 9	8 13 6
"C"...	7 10 0	8 5 0	8 8 9	9 5 9
"D"...	8 2 3	8 18 6	9 2 6	10 0 9
"E"...	8 7 9	9 4 6	9 8 9	10 7 9
"F"...	8 13 3	9 10 6	9 15 0	10 14 6
"G"...	9 2 3	10 0 6	10 5 3	11 5 9
"Ga"...	9 0 3	9 18 3	10 3 0	11 3 3
"H"...	9 7 3	10 6 0	10 10 9	11 11 9

NIGHT WORK.

(Excluding Night Work on Newspapers.)

Area.	Journeymen.	Foremen, T.M. Operators, Offset Litho., Two-colour Perfecting and Rotary Machine Minders, Rotary Cellulose Film Converter-Operators.	Operator-mechanics.
	Scale 2.	Scale 3.	Scale 4.
	£ s. d.	£ s. d.	£ s. d.
"B".....	7 17 9	8 13 6	9 10 9
"C".....	8 8 9	9 5 9	10 4 3
"D".....	9 2 6	10 0 9	11 0 9
"E".....	9 8 9	10 7 9	11 8 6
"F".....	9 15 0	10 14 6	11 16 0
"G".....	10 5 3	11 5 9	12 8 3
"Ga".....	10 3 0	11 3 3	12 5 6
"H".....	10 10 9	11 11 9	12 15 0

TABLE I (*a*).

Weekly Wages Payable to Journeymen on Night Work on Newspapers.

Area.	Journeymen.	Foremen, T.M. Operators, Offset Litho, Two-Colour Perfecting and Rotary Machine Minders.	Operator-Mechanics.
	Scale 1.	Scale 2.	Scale 3.
	£ s. d.	£ s. d.	£ s. d.
"B".....	8 4 9	9 1 3	9 19 6
"C".....	8 16 6	9 14 3	10 13 9
"D".....	9 10 9	10 9 9	11 10 9
"E".....	9 17 0	10 16 9	11 18 6
"F".....	10 3 9	11 4 3	12 6 9
"G".....	10 14 3	11 15 9	12 19 3
"Ga".....	10 11 9	11 13 0	12 16 3
"H".....	11 0 0	12 2 0	13 6 3

TABEL I.

Weeklone aan vakmanne betaalbaar.

DAGWERK.

Gebied.	Vakmanne.	Voormanne, litho-afset-, tweekleure-, weerskante- en rotasiemasjienbedieners, bedieners van rotasiesellulosefilmomvormers.	Masjiensetters.	Masjiensetter werktuigkundiges.
	Skaal 1.	Skaal 2.	Skaal 3.	Skaal 4.
	£ s. d.	£ s. d.	£ s. d.	£ s. d.
B.....	7 0 3	7 14 3	7 17 9	8 13 6
C.....	7 10 0	8 5 0	8 8 9	9 5 9
D.....	8 2 3	8 18 6	9 2 6	10 0 9
E.....	8 7 9	9 4 6	9 8 9	10 7 9
F.....	8 13 3	9 10 6	9 15 0	10 14 6
G.....	9 2 3	10 0 5	10 5 3	11 5 9
Ga.....	9 0 3	9 18 3	10 3 0	11 3 3
H.....	9 7 3	10 6 0	10 10 9	11 11 9

NAGWERK.

(Behalwe nagwerk vir nuusblaaie.)

Gebied.	Vakmanne.	Voormanne, litho-afset-, tweekleure-, weerkante en rotasiemasjien-bedieners, bedieners van rotasiesellulose-filmomvormers.	Masjiensetter werktuigkun-diges.
	Skaal 2.	Skaal 3.	Skaal 4.
	£ s. d.	£ s. d.	£ s. d.
B.....	7 17 9	8 13 6	9 10 9
C.....	8 8 9	9 5 9	10 4 3
D.....	9 2 6	10 0 9	11 0 9
E.....	9 8 9	10 7 9	11 8 6
F.....	9 15 0	10 14 6	11 16 0
G.....	10 5 3	11 5 9	12 8 3
Ga.....	10 3 0	11 3 3	12 5 6
H.....	10 10 9	11 11 9	12 15 0

TABEL I (*a*).

Weeklone betaalbaar aan vakmanne op nagwerk vir nuusblaaie.

Gebied.	Vakmanne.	Voormanne, masjiensetters, afset-, litho-, tweekleure-weerskante- en rotasiemasjien-bedieners.	Masjiensetter-werktuig-kundiges.
	Skaal 1.	Skaal 2.	Skaal 3.
	£ s. d.	£ s. d.	£ s. d.
B.....	8 4 9	9 1 3	9 19 6
C.....	8 16 6	9 14 3	10 13 9
D.....	9 10 9	10 9 9	11 10 9
E.....	9 17 0	10 16 9	11 18 6
F.....	10 3 9	11 4 3	12 6 9
G.....	10 14 3	11 15 9	12 19 3
Ga.....	10 11 9	11 13 0	12 16 3
„uurloon", die weekloon gedeel deur 43, behalwe in die geval van nagwagte wanneer dit die weekloon gedeel deur 72 is, en behalwe in die geval van werknemers op ander nagwerk wanneer dit die weekloon gedeel deur 39 is;

„nywerheid", die leerlooi-afdeling van die leernywerheid;

„algemene arbeider", 'n werknemer, wat uitsluitlik of hoofsaaklik een of meer van onderstaande werksaamhede verrig:—

(1) Persele, masjinerie, installasie, gereedskap, gerei, diere, meubels, of ander artikels skoonmaak;
(2) houers was, of skoonmaak;
(3) grondstowwe, vervaardigde of half-vervaardigde produkte, masjinerie, installasie, gereedskap, werktuie of ander artikels dra, verplaas en/of stapel;
(4) voertuie, of vergaarbakke laai of aflaai;
(5) vuilgoed of as verwyder;
(6) kiste, pakke, bale, of kratte oop- of toemaak of pak;
(7) kiste, pakke, of bale stempel, merk of sjabloneer;
(8) tee, koffie, kakao, of soortgelyke dranke maak;
(9) op bestelwaens of voertuie behulpsaam wees;
(10) briewe, boodskappe, of goedere te voet, of met 'n fiets, of enige handvoertuig aflewer;

„leerling", 'n werknemer (behalwe 'n vakleerling) onder 21 jaar oud wat in diens is om een, of meer, werksaamhede in die nywerheid te leer;

„motorvoertuig", 'n voertuig wat nie deur mensekrag of dierekrag voortbeweeg word nie;

„vragvermoë", die netto draagvermoë of die netto vrag wat 'n voertuig mag dra of sleep ingevolge enige motorvervoersertifikaat of vrystellingsertifikaat ten opsigte van so'n voertuig deur die plaaslike padvervoerraad uitgereik ingevolge die bepalings van die Motortransportwet, 1930;

„stukwerk", enige steisel waarby verdienste op die hoeveelheid of omvang van werk gedoen, gebaseer word;

„werknemer, gekwalifiseerd," 'n werknemer wat óf—

(*a*) 21 jaar oud is; óf

(*b*) deur ervaring bevoeg is om die volle loon te ontvang wat in hierdie Ooreenkoms voorgeskryf is vir die werksaamheid waarvoor hy in diens geneem is;

„Sekretaris van die Raad", die Algemene Sekretaris van die Raad en sluit enige Assistent-sekretaris van die Raad in;

"storeman and/or warehouseman" means an employee who is in general charge of stores and who is responsible for receiving goods into store and the storing and handling of same, the delivery of same out of store to departments or for transit and/or for packing within the store or warehouse and the unpacking thereof;

"tanning industry" means the section of the leather industry in which employers and employees are associated for the tanning, dressing and/or fellmongering of hides and skins;

"wage" means a weekly wage.

2. Scope of Application of Agreement.

The terms of this Agreement shall—

(*a*) be observed by all members of the employers' organisations and of the trade unions engaged in the industry;

(*b*) apply to apprentices in so far as they are not inconsistent with the Apprenticeship Act, 1922, or any contract registered or any conditions fixed thereunder;

in the Magisterial Districts of the Cape, Wynberg, Paarl, Stellenbosch, Wellington, Mossel Bay, George, Uitenhage, Port Elizabeth, Kingwilliamstown, Durban, Pietermaritzburg, Pretoria, Johannesburg, Krugersdorp, and Heidelberg (Transvaal).

3. Date and Period of Operation.

This Agreement shall come into operation on such date as may be specified by the Minister in terms of section *forty-eight* of the Act, and shall remain in force for twelve months or such period as may be determined by him.

4. Wages and Rates.

(1) (*a*) Subject to the provisions of sections 7 and 21 of this Agreement, no employer shall pay and no employee shall accept wages less than those prescribed in this section in respect of any operation performed by such employee and each employer shall further comply with any ratio or other conditions prescribed in this Agreement.

(*b*) Except in the case of night watchmen, the wages laid down in this section shall be payable for a working week of 43 hours, and in the case of night watchmen, the wages shall be payable for a working week of 72 hours, provided that in the case of night work other than night watching the wages shall be payable for a working week of 39 hours. The working week shall end not earlier than on Wednesday in a calendar week. All wages shall be subject to the conditions governing overtime provided for in section 7.

(*c*) If less hours than those prescribed in paragraph (*b*) hereof are worked such wages may be reduced proportionately except in the case of apprentices, night watchmen and motor vehicle drivers.

(2) All earnings and the additional amount referred to in section 5 shall be paid in cash weekly not later than on Friday and during the ordinary working hours of the establishment, or on termination of employment if this takes place before the ordinary pay day of the establishment. The earnings shall be placed in a sealed envelope, on the outside of which the *name or number* and rate of wages of the employee, the date of payment, the hours worked, details of deductions made and the net amount of earnings contained therin shall be written in indelible pencil or ink in the following manner:—

Employee .....
Wage rate .....
Hours worked .....
Wages due .....
C.O.L.A. .....

Deductions.—

Unemployment fund .....
Sick benefit fund .....
Provident fund .....
Insurance or pension .....
Trade union subscriptions .....
Council levies .....

Nett earnings .....
Employer .....
Date .....

(3) No deduction of any kind, other than the following, may be made from the money due to any employee—

(*a*) where an employee is absent from work, *pro rata amount* for the period of such absence;

(*b*) with the written consent of the employee, deductions for holiday, unemployment, sick, insurance or pension funds, or contributions to the funds of the trade union, and for savings funds approved by the Council;

(*c*) levies in terms of section 10 of this part of the Agreement;

(*d*) any amount paid by an employer compelled by any law, ordinance or legal process to make payment on behalf of an employee.

(4) No premium for the training of an employee shall be charged or accepted by an employer.

„magasynmeester en/of pakhuisopsigter", 'n werknemer wat algemene toesig oor voorrade hou en wat verantwoordelik is vir die ontvang van goedere in die magasyn en die berging en hantering daarvan, aflewering daarvan vanuit die magasyn aan afdelings of vir versending en/of verpakking in die magasyn en/of pakhuis, en die uitpak daarvan;

„leerlooierynywerheid", die afdeling van die leernywerheid waarin werkgewers en werknemers verbonde is vir die looi, berei en afwerk, en wolpluk van huide en velle;

„loon", 'n weekloon.

2. Bestek van toepassing van Ooreenkoms.

Die bepalings van hierdie Ooreenkoms—

(*a*) moet nagekom word deur alle lede van die werkgewersorganisasies en van die vakverenigings wat in die nywerheid werksaam is;

(*b*) is van toepassing op vakleerlinge, vir sover dit nie met die Vakleerlingen Wet, 1922, of enige kontrak ingevolge daarvan geregistreer, of enige voorwaardes daaronder vasgestel, in stryd is nie;

in die magistraatsdistrikte die Kaap, Wynberg, Paarl, Stellenbosch, Wellington, Mosselbaai, George, Uitenhage, Port Elizabeth, Kingwilliamstown, Durban, Pietermaritzburg, Pretoria, Johannesburg, Krugersdorp en Heidelberg (Transvaal).

3. Datum en termyn van toepassing.

Hierdie Ooreenkoms tree in werking op sodanige datum as wat die Minister ingevolge artikel *ag-en-veertig* van die Wet mag vasstel, en bly van krag vir twaalf maande of vir sodanige termyn as wat hy mag bepaal.

4. Lone en loonskale.

(1) (*a*) Onderworpe aan die bepalings van artikels 7 en 21 van hierdie Ooreenkoms, mag geen werkgewer en geen werknemer laer lone as dié in hierdie artikel voorgeskryf vir enige werksaamheid deur sodanige werknemer verrig, onderskeidelik betaal of aanneem nie, en elke werkgewer moet verder enige verhoudings of ander voorwaardes voorgeskryf, nakom.

(*b*) Behalwe in die geval van nagwagte is die lone bepaal in die artikel betaalbaar vir 'n werkweek van 43 uur, en in geval van nagwagte is die lone betaalbaar vir 'n werkweek van 72 uur, met dien verstande dat in geval van nagwerk, behalwe nagwagwerk, die lone vir 'n werkweek van 39 uur betaalbaar is. Die werkweek mag nie voor Woensdag in 'n kalenderweek eindig nie. Alle lone is onderworpe aan die oortydvoorwaardes waarvoor in artikel 7 van hierdie deel voorsiening gemaak word.

(*c*) As minder ure gewerk word as dié voorgeskryf in paragraaf (*b*) hiervan, kan sodanige lone in verhouding verminder word, behalwe in geval van vakleerlinge, nagwagte en motorvoertuigbestuurders.

(2) Alle verdienste en die aanvullende bedrae waarna in artikel 6 verwys word, moet weekliks voor, of op, Vrydag en gedurende die gewone werkure van die inrigting of by diensbeëindiging, indien dit voor die gewone betaaldag van die inrigting val, kontant betaal word. Die verdienste moet in 'n geslote koevert bevat word, en die naam of nommer en loonskaal van die werknemer, die datum van betaling, die ure gewerk, besonderhede in verband met kortings- afgetrek en die netto bedrag van verdienste daarin bevat, moet met ink, of met inkpotlood, daarop aangeteken word en wel as volg:—

Werknemer .....
Loonskaal .....
Ure gewerk .....
Verskuldigde lone .....
Lewenskostetoelae .....

Kortings.

Werkloosheidbystandsfonds .....
Siektebystandsfonds .....
Voorsieningsfonds .....
Lewensversekering- of pensioenfondse .....
Vakverenigingbydraes .....
Raadsfondse .....

Netto verdienste .....
Werkgewer .....
Datum .....

(3) Hoegenaamd geen kortings behalwe onderstaande, mag van die geld aan 'n werknemer verskuldig, afgetrek word nie—

(*a*) ingeval 'n werknemer van die werk wegbly, 'n *pro rata* bedrag vir die tydperk van sodanige afwesigheid;

(*b*) met skriftelike toestemming van die werknemer: kortings vir verlof-, werkloosheids-, siekte-, versekerings- of pensioenfondse, of bydraes aan die fondse van die vakvereniging, en/of spaarfondse deur die Raad goedgekeur;

(*c*) heffings ingevolge artikel 10 van hierdie deel van die Ooreenkoms;

(*d*) enige bedrag wat deur 'n werkgewer, ingevolge 'n verpligting hom opgelê deur enige Wet, ordonnansie, of regsgeding, ten behoewe van 'n werknemer betaal is.

(4) Vir die opleiding van 'n werknemer mag deur 'n werkgewer geen premie gevorder, of aangeneem word nie.

(5) Where in any establishment work is performed by employees organised in sets or teams, each employee shall be paid his earnings by the employer.

(6) Nothing in this Agreement shall operate to reduce any time wage at present being paid which is more favourable to an employee than that laid down in this Agreement for such employee while he remains in the service of the same employer.

	Per Week. £ s. d.
A. Skilled Operations.	
(i) Employees employed on splitting machines, in setting and in making adjustments to splitting machines, and splitting either in the lime or tanned conditions or both	6 0 0
(a) An employee engaged in one or more of the operations specified in B (a) (ii) and/or B (a) (iii) hereof shall, if transferred to be employed upon the operations specified in A (i), be paid at the following rates of wages:—	
According to experience—	
first six months	3 0 0
second six months	3 15 0
third six months	4 5 0
fourth six months	4 15 0
fifth six months	5 5 0
thereafter	6 0 0
(b) In every tannery in which a splitting machine is installed there shall be employed at least one splitter at the full rate under A (i) above.	
(ii) Employees employed on shaving and whitening machines	5 5 0
According to experience—	
first six months	3 1 0
second six months	3 12 6
third six months	4 2 6
thereafter	5 5 0
B. Semi-Skilled Operations.	
(a) Employees other than those specified in (b) employed—	
(i) as first grade table hands, i.e. hand buffers and whiteners and hand shavers, on spraying, rounding	4 0 0
(ii) on staking	3 12 6
(iii) on glazing; buffing	3 10 0
(iv) on measuring machines; tannery machines, other than those specified in (v) hereunder, table hands (other than first grade) who are using curriers' tools or improvised curriers' tools on any class of leather and repairing defects	3 7 6
(v) on blackening, creasing, staining, pigmenting and seasoning; lime yard hand fleshers; fleshing, sammying, setting and bark mill machines, square cutting	3 5 0
NOTE.—"Rounding" is the cutting up of an untanned hide into bends, bellies, shoulders or backs, but does not include cutting a hide into two sides.	
(b) Learners on operations within (a) (i), (ii), (iii), (iv) and (v)—	
According to experience—	
first six months	1 7 6
second six months	1 15 0
third six months	2 7 6
thereafter if employed under—	
(a) (i)	4 0 0
(ii)	3 12 6
(iii)	3 10 0
(iv)	3 7 6
(v)	3 5 0
Employees over the age of 21 years on operations specified in paragraph (a):—	
Wages according to experience—	
first six months	1 17 6
second six months	2 7 6
thereafter if employed under—	
(a) (i)	4 0 0
(ii)	3 12 6
(iii)	3 10 0
(iv)	3 7 6
(v)	3 5 0
Provided that learners transferred to operations within (a) (i), (ii), (iii), (iv) and (v) shall be paid—	
first six months	1 17 6
second six months	2 7 6

Ratio.—Not more than one learner or employee receiving less than the full rate prescribed for his occupation may be employed to each three or part of three employees on semi-skilled operations receiving the full rate.

(5) Indien in enige inrigting die werk deur werknemers, georganiseer in spanne of ploeë, verrig word, moet die verdienste van sodanige werknemer deur die werkgewer aan hom uitbetaal word.

(6) Niks in hierdie Ooreenkoms het die uitwerking om enige tydloon te verminder wat tans betaal word en gunstiger vir 'n werknemer is as dié wat in hierdie Ooreenkoms vasgestel is vir sodanige werknemer terwyl hy in diens van dieselfde werkgewer bly.

	Per week. £ s. d.
A. Geskoolde werk.	
(i) Werknemers wat splitsmasjiene bedien, splitsmasjiene stel en verstel, en een na die kalk stadium, of in die gelooide stadium, of in beide stadia, splits	6 0 0
(a) 'n Werknemer wat een of meer van die werksaamhede verrig wat in B (a) (ii) en/of B (a) (iii) hiervan bepaal word, moet by oorplasing na die werksaamhede wat in A (i) bepaal word, teen die volgende loonskale betaal word:—	
Ooreenkomstig ervaring—	
eerste ses maande	3 0 0
tweede ses maande	3 15 0
derde ses maande	4 5 0
vierde ses maande	4 15 0
vyfde ses maande	5 5 0
daarna	6 0 0
(b) In elke looiery waarin 'n splitsmasjien geïnstalleer is, moet minstens een splitser teen die volle loon onder A (i) hierbo genoem, in diens wees.	
(ii) Werknemers wat skaaf- en witmaakmasjiene bedien	5 5 0
Ooreenkomstig ervaring—	
eerste ses maande	3 1 0
tweede ses maande	3 12 6
derde ses maande	4 2 6
daarna	5 5 0
B. Halfgeskoolde werk.	
(a) Werknemers behalwe dié in (b) genoem, wat in diens is as—	
(i) eerste graad tafelwerkers, d.w.s. skuur en witmaak met die hand en skaaf met die hand, sproeiwerk, rondsny	4 0 0
(ii) trekbreimasjien	3 12 6
(iii) verglans; skuur	3 10 0
(iv) meetmasjiene; looimasjiene, behalwe dié wat in (v) hieronder gespesifiseer word, tafelwerkers (behalwe eerste graad) wat leerbreiersgereedskap of geïmproviseerde leerbreiersgereedskap hanteer in verband met enige soort leer en wat gebreke herstel	3 7 6
(v) swartmaak, dampproefmaak, kleur, pigmenteer en toebereï; vleisskrapers met die hand in kalkskuur; vleisskraap, wateruitpers-, set- en basmaalmasjiene bedien en vierkante sny	3 5 0
L.W.—„rondsny", is die opsny van ongelooide huide in systukke, pensstukke, skouers- of rugstukke, maar nie die opsny van die huid in twee systukke nie.	
(b) Leerlinge vir werksaamhede binne (a) (i), (ii), (iii), (iv) en (v).	
Volgens ervaring—	
eerste ses maande	1 7 6
tweede ses maande	1 15 0
derde ses maande	2 7 6
daarna, wanneer in diens onder—	
(a) (i)	4 0 0
(ii)	3 12 6
(iii)	3 10 0
(iv)	3 7 6
(v)	3 5 0
Werknemers oor 21 jaar oud in diens vir werksaamhede gespesifiseer in paragraaf (a):—	
Lone volgens ervaring—	
eerste ses maande	1 17 6
tweede ses maande	2 7 6
daarna, wanneer in diens onder—	
(a) (i)	4 0 0
(ii)	3 12 6
(iii)	3 10 0
(iv)	3 7 6
(v)	3 5 0
Met dien verstande dat leerlinge wat van werksaamhede binne (a) (i), (ii), (iii); (iv) en (v) oorgeplaas word, as volg betaal moet word—	
eerste ses maande	1 17 6
tweede ses maande	2 7 6

Getalverhouding.—Hoogstens een leerling, of werknemer wat 'n laer loon as die volle skaal wat vir sy werk voorgeskryf is, ontvang, mag vir elke drie of gedeelte van drie werknemers vir halfgeskoolde werksaamhede wat die volle loon ontvang, in diens wees.

"Part of three" shall mean a remainder of not less than one after the total number of employees receiving full rates has been divided by three.

Employment on any operation in this section shall be regarded as experience for any operation in this section.

	Per Week. £ s. d.
C. Unskilled Operations.	
(i) Employees over the age of 21 years engaged	
(a) on scudding, cobbing; tacking, trimming; breaking and/or fleshing sheepskins with wool still on	1 17 6
(b) on oiling, fleshwashing, and all shed work	1 15 0
Note.—"Cobbing" means the trimming by scudders on the beam of loose fleshings hanging from the edges of the hides after fleshing.	
(c) in unskilled labouring operations in the lime yard, tan yard, drum house and on all loading and off-loading work and washing skins with the wool or hair on	1 15 0
(d) Employees engaged on unskilled labouring operations in the manufacture of Pump, Cup, Hat, Ram, U, V, or other types of Hydraulic leathers	1 15 0
(e) General labourers	1 15 0
(ii) Employees under the age of 21 years	1 5 0

Note.—All wages prescribed in paragraphs (i) and (ii) of Schedule "C" (Unskilled Operations) are inclusive of a "dirt allowance" at the rate of 2s. 6d. per week as awarded by the Arbitrator in 1945.

Quota.—Not more than two employees under the age of 21 years may be employed on unskilled operations in any establishment.

	Per Week. £ s. d.
D. Welting and Randing Department.	
(a) Splitting, skiving, cutting, grooving and bevelling	3 0 0
(b) All other operations	1 17 6
E. (i) Storemen and/or warehousemen, despatch clerks	3 7 6
(ii) Assistant storemen and/or assistant warehousemen	3 0 0
F. Motor Vehicle Drivers.	
Up to and including 3 tons	3 15 0
Over 3 tons but not exceeding 5 tons	4 5 0
Over 5 tons	4 15 0
Notwithstanding anything to the contrary in in this Agreement, the following provisions shall apply to motor vehicle drivers:—	
"Hours of work include all periods of driving and any time spent on other work connected with the vehicle or the load and all periods during which an employee is obliged to remain at his post in readiness to work when required, but do not include meal hours."	
G. Making and/or maintaining fires	2 2 6
H. Nightwatchmen	2 15 0

5. Cost of Living Allowance.

(1) In addition to the actual earnings of an employee in any week, he shall be paid each week by his employer an amount equal to 1¾ per cent. of such earnings in respect of every completed 12.5 points by which the retail price index exceeds 1.000.

(2) For the purpose of this section, "retail price index" means the weighted average index relating to food, fuel, light, rent and sundries for the principal towns in the Union of South Africa as assessed by the Director of Census and Statistics and published from time to time.

(3) Each adjustment to the additional amount referred to in sub-section (1) hereof in terms of this section shall be made on and from the first pay day following the receipt by the Secretary of the Council of notification of the appropriate change in the retail price index or the first day following publication of the *Monthly Bulletin of Union Statistics* showing such change, whichever pay day is the earlier, provided such notification is received or such publication is made not later than Wednesday in the working week to which that pay day relates. Should such notification be received or such publication be made later than Wednesday, the adjustment shall be made on the pay day of the following week.

(4) The cost of living allowance payable in terms of this section shall include any cost of living allowance payable in terms of War Measure No. 43 of 1942, published under Proclamation No. 110 of the 22nd May, 1942, as amended by War Measure No. 39 of 1943, published under Proclamation No. 114 of the 18th June, 1943, or any amendment thereof, provided that in cases where the payment in terms of this section is less than the War Measure allowance the latter shall be payable.

,, Gedeelte van drie" beteken die orige van nie minder as een na die totale getal werknemers wat volle loue ontvang, deur drie gedeel is nie.

Diens vir enige ander werk in hierdie afdeling moet as ervaring vir enige werksaamheid in hierdie afdeling beskou word.

	Per week. £ s. d.
C. Ongeskoolde werk.	
(i) Werknemers oor 21 jaar oud, wat—	
(a) buitevelle skraap, ,, cobbing", spalk, bywerk, skoonskraap en/of vleisskraap van skaapvelle wat nog die wol op het	1 17 6
(b) olie, vleiswas, en alle skuurwerksaamhede	1 15 0
L.W.—,, cobbing" beteken die bywerk op die blok deur buitevelskrapers deur die los vleis wat na die vleisskraap nog aan die kante van die huide afhang, te verwyder.	
(c) ongeskoolde arbeid in die kalkskure, looiskure, trommelskure verrig en alle laai- en afiaaiwerk doen en die velle wat nog die wol of hare op het, was	1 15 0
(d) ongeskoolde arbeid verrig by die vervaardiging van pomp-, koppies-, hoede-, ram-, U-, V-, of ander soorte hidrouliese leer	1 15 0
(c) algemene arbeiders	1 15 0
(ii) Werknemers onder 21 jaar oud	1 5 0

L.W.—Alle lone wat in paragrawe (i) en (ii) van paragraaf ,, C" (Ongeskoolde Werk) voorgeskryf word, is met inbegrip van 'n ,, vuil-toelae" van 2s. 6d. per week wat in 1945 deur die Skeidsregter toegeken is.

Kwota.—Hoogstens twee werknemers onder 21 jaar oud mag vir ongeskoolde werksaamhede in enige inrigting in diens wees.

	Per week. £ s. d.
D. Randsooltjies- en Randjiesafdeling.	
(a) Splits, skaaf, sny. groef en skuinssny	3 0 0
(b) Alle ander werksaamhede	1 17 6
E. (i) Magasynmeester en/of pakhuisopsigter, versendingsklerk	3 7 6
(ii) Assistent-magasynmeester en/of pakhuisopsigter	3 0 0
F. Motorvoertuigbestuurders.	
Tot en met 3 ton	3 15 0
Oor 3 ton maar hoogstens 5 ton	4 5 0
Oor 5 ton	4 15 0
Ondanks enigiets strydigs in hierdie Ooreenkoms, is die volgende bepalings op motorvoertuigbestuurders van toepassing:—	
,, Werkure" sluit in alle tydperke van bestuur en alle tyd wat aan ander werk in verband met die voertuig of die vrag bestee word en alle tydperke wat 'n bestuurder verplig is om in gereedheid vir werk op sy pos te bly, maar sluit nie etensure in nie.	
G. Vure maak en/of aan die brand hou	2 2 6
H. Nagwag	2 15 0

5. Betaling van lewenskostetoelae.

(1) Bo en behalwe die werklike verdienste van 'n werknemer in enige week, moet hy deur sy werkgewer elke week 'n bedrag betaal word wat gelyk is aan 1¾ persent van sodanige verdienste ten opsigte van elke voltooide 12.5 punte waarmee die kleinhandelsprysindeks 1,000 oorskry word.

(2) Vir die toepassing van hierdie artikel beteken ,, kleinhandelprysindeks" die beswaarde gemiddelde indeks betreffende voedsel, brandstof, lig, huishuur en diverse vir die vernaamste stede in die Unie van Suid-Afrika, soos bereken deur die Direkteur van Sensus en Statistiek en van tyd tot tyd bekendgemaak.

(3) Elke wysiging van die bykomende bedrag genoem in subartikel (1) hiervan ingevolge hierdie artikel moet aangebring word op en met ingang van die eerste betaaldag wat volg op die ontvangs deur die Sekretaris van die Raad van kennisgewing van die verandering in die kleinhandelprysindeks wat van toepassing is, of na gelang van die eerste, die eerste betaaldag wat volg op die bekendmaking van die Maandbulletin van Unie-statistiek wat sodanige verandering aandui: met dien verstande dat sodanige kennisgewing ontvang is, of sodanige bekendmaking geskied, voor of op Woensdag van die werkweek waarop die betaaldag betrekking het. As sodanige kennisgewing ontvang word, of sodanige bekendmaking geskied, na Woensdag, dan moet die wysiging op die betaaldag van die volgende week aangebring word.

(4) By die lewenskostetoelae betaalbaar ingevolge hierdie artikel moet inbegrepe wees enige lewenskostetoelae betaalbaar ingevolge Oorlogsmaatreël No. 43 van 1942, bekendgemaak by Proklamasie No. 110 van 22 Mei 1942, soos gewysig by Oorlogsmaatreël No. 39 van 1943, uitgevaardig by Proklamasie No. 114 van 18 Junie 1943 of enige wysiging daarvan: met dien verstande dat in gevalle waar die betaling ingevolge hierdie artikel minder is as die Oorlogsmaatreëltoelae, laasgenoemde betaalbaar is.

(5) In addition to the allowance prescribed in this section every employer shall pay to his employees within two weeks following the date of coming into force of this Agreement an amount equal to that which would have been payable had this Agreement come into force on the 1st September, 1943; provided that an employer who has paid any amount to an employee between the 1st September, 1943, and the date of coming into force of this Agreement by way of a cost of living allowance shall be entitled to reduce the amount payable in terms of this sub-section by the said amount.

6. Hours of Work.

(1) Save as is otherwise provided in this Agreement, no employer shall require or permit an employee, other than one exclusively employed as a night watchman—

(*a*) to work for more than 43 hours, excluding meal times, in any one week; or

(*b*) to work for more than 8 hours, excluding meal times, on any one day: Provided that in any establishment in which—

(i) one day in every week the ordinary hours of work are not more than five, an employee may be required or permitted to work for an additional period not exceeding half-an-hour on each of the remaining days of the week; or

(ii) the employees do not ordinarily work on more than five days in the week, an employee may on any workday be required or permitted to work for an additional period not exceeding one and a quarter hours; or

(*c*) to work for a continuous period of more than five hours without an uninterrupted interval of at least one hour: Provided that for the purposes of this paragraph periods of work interrupted by an interval of less than one hour shall be deemed to be continuous; or

(*d*) who is a female, to work—

(i) between six o'clock p.m. and six o'clock a.m.; or

(ii) after one o'clock p.m. on more than five days in any week.

(2) For the purposes of paragraph (*a*) of sub-section (1) an employee who does not work on any holiday referred to in sub-section (8) of section 8 or who on such holiday work less than his average ordinary working hours for that day of the week on which such holiday falls, shall be deemed to have worked his average ordinary working hours on that day.

(3) The ordinary hours of work for a night watchman shall not exceed 72 hours per week and such night watchman shall be allowed one night off duty in seven consecutive nights.

(4) If employees are not required to attend at an establishment on any day they shall be informed individually or by notice posted in the department, or departments in which they are employed prior to such day, that their services will not be required.

If not so informed, employees attending at the establishment at the ordinary starting time shall be entitled to be employed for at least one half day or to receive a half day's pay in lieu thereof.

Employees attending at the establishment in the afternoon shall be entitled to work two hours or to receive two hours' pay in lieu thereof, unless notice of intention not to work shall have been given by the employer during the morning.

In the case of an employee ceasing work due to a breakdown he shall be entitled to payment for the first hour or part thereof during which he is not working.

(5) The following rest periods shall be allowed to each employee and shall be reckoned as time worked:—

(*a*) Mondays to Saturdays a period of not less than ten minutes in the morning provided that one hour has been worked;

(*b*) Mondays to Fridays a period of not less than ten minutes each afternoon provided that one hour has been worked after the lunch interval.

During the rest periods provided for in (*a*) and (*b*) of this sub-section the operation of all machinery in the establishment shall cease, and no employee shall be required to work.

(6) Where employees are called upon to "clock out" at the end of working periods, the employer shall provide facilities to enable employees to leave the works at the correct time at which work is to cease.

7. Overtime.

(1) Notwithstanding the provisions of paragraphs (*a*) and (*b*) of sub-section (1) of section 7, and save as is provided in this section, an employer may require or permit an employee to work overtime for a total period not exceeding in any one week—

(*a*) ten hours; or

(*b*) a number of hours (which may exceed ten) fixed by the Council by notice in writing to the employer, specifying the employee, or the class of employee in respect of whom the notice is applicable, and the period for which and the conditions under which it shall be valid;

(5) Benewens die toelae voorgeskryf in hierdie artikel moet elke werkgewer aan sy werknemers binne twee weke na die datum van inwerkingtreding van hierdie Ooreenkoms 'n bedrag betaal gelyk aan dié wat betaalbaar sou gewees het as hierdie Ooreenkoms op 1 September 1943, van krag geword het: met dien verstande dat 'n werkgewer wat tussen 1 September 1943 en die datum van inwerkingtreding van hierdie Ooreenkoms aan 'n werknemer enige bedrag as lewenskostetoelae betaal het, geregtig is om die bedrag betaalbaar ingevolge hierdie subartikel met genoemde bedrag te verminder.

6. Werkure.

(1) Behalwe soos anders bepaal in hierdie Ooreenkoms, mag geen werkgewer van 'n werknemer, behalwe een wat uitsluitlik as nagwag werksaam is, vereis of hom toelaat—

(*a*) om vir meer as 43 uur, met uitsluiting van etenstye, in enige afsonderlike week te werk nie; of

(*b*) om vir meer as 8 uur, met uitsluiting van etenstye, op enige afsonderlike dag te werk nie: met dien verstande dat in enige inrigting waarin—

(i) op een dag in elke week die gewone werkure nie meer as vyf uur is nie van die werknemer vereis of hom toegelaat kan word om 'n bykomende tydperk van hoogstens 'n halfuur op elkeen van die ander dae van die week te werk; of

(ii) die werknemers nie gewoonlik op meer as vyf dae in die week werk nie, van 'n werknemer op enige werkdag vereis of hom toegelaat kan word om 'n bykomende tydperk van hoogstens een-en-'n-kwart uur te werk; of

(*c*) om vir 'n onafgebroke tydperk van meer as vyf uur te werk sonder 'n ononderbroke tussenpoos van minstens een uur: met dien verstande dat vir die toepassing van hierdie paragraaf werktydperke onderbreek deur 'n tussenpoos van minder as een uur as aaneenlopend beskou moet word; of

(*d*) as sy 'n vrou is, te werk—

(i) tussen sesuur nm. en sesuur vm. nie; of

(ii) na eenuur nm. op meer as vyf dae in enige week nie.

(2) Vir die toepassing van paragraaf (*a*) van subartikel (1) word dit beskou dat 'n werknemer wat nie op enige vakansiedag genoem in subartikel (3) van artikel 8 werk nie, of wat op sodanige vakansiedag minder werk as sy gemiddelde gewone werkure vir daardie dag van die week waarop sodanige vakansiedag val, sy gemiddelde gewone werkure op daardie dag gewerk het.

(3) Die gewone werkure van 'n nagwag mag nie meer as 72 uur per week wees nie en sodanige nagwag moet een vryaf nag in elke sewe opeenvolgende nagte toegestaan word.

(4) As op enige dag nie van werknemers verlang word om by 'n inrigting te kom werk nie moet hulle voor sodanige dag in kennis gestel word dat hulle dienste nie nodig sal wees nie. Die kennisgewing moet aan werknemers persoonlik gerig word, of anders moet dit in die afdeling of afdelings, waarin hulle voor so'n dag werksaam is, aangeplak word.

Word hulle nie aldus in kennis gestel nie, dan is werknemers, wat op die gewone begintyd by die inrigting opdaag, geregtig om vir minstens 'n halfdag te werk gestel te word, of om in plaas daarvan 'n halfdag se betaling te ontvang.

Werknemers wat in die namiddag by die inrigting opdaag, is geregtig om vir twee uur te werk, of om in plaas daarvan twee uur se loon te ontvang, tensy die werkgewer in die voormiddag kennis gegee het dat hy nie van plan is om te laat werk nie.

Ingeval enige werknemer met werk ophou weens 'n breekstop, is hy geregtig tot betaling vir die eerste uur, of gedeelte van 'n uur, van die tyd wat hy nie werk nie.

(5) Onderstaande rustydperke moet aan elke werknemer toegestaan en as tyd gewerk beskou word—

(*a*) van Maandag tot Saterdag, 'n tydperk van minstens tien minute in die voormiddag, met dien verstande dat een uur gewerk is;

(*b*) van Maandag tot Vrydag, 'n tydperk van minstens tien minute elke namiddag, met dien verstande dat een uur na die etensonderbreking gewerk is.

Gedurende die rustye waarvoor in (*a*) en (*b*) van hierdie subartikel voorsiening gemaak word, moet alle masjinerie in die inrigting tot stilstand gebring word en van geen werknemer mag verlang word om te werk nie.

(6) Indien werknemers aan die end van werktye moet „uitklok", moet die werkgewer reëlings tref om werknemers in staat te stel om die fabriek te verlaat op die regte tyd waarop die werk gestaak moet word.

7. Oortyd.

(1) Ondanks die bepalings van paragrawe (*a*) en (*b*) van subartikel (1) van artikel 7 en behalwe soos bepaal in hierdie artikel, kan 'n werkgewer van 'n werknemer vereis of hom toelaat om oortyd te werk vir 'n totale tydperk van hoogstens onderstaande in enige week—

(*a*) tien uur; of

(*b*) 'n aantal ure (wat meer as tien kan wees) wat vasgestel word deur die Raad per skriftelike kennisgewing aan die werkgewer, waarin die werknemer of die klas werknemer ten opsigte van wie die kennisgewing van toepassing is, vasgestel word asook die termyn waarvoor en die voorwaardes waarop dit geldig is;

Provided that no employer shall require or permit a female employee to work overtime—

(*a*) for more than two hours on any day;

(*b*) on more than three consecutive days;

(*c*) on more than sixty days in any year.

(2) No employee shall be required to work overtime unless notice has been given by the employer to such employee the day prior to such overtime being worked.

(3) Except in the case of a night watchman, an employee who works before the usual starting time or after the usual closing time of the establishment shall, subject to the provisions of sub-section (4) hereof, for each hour or part of an hour so worked be paid if employed—

(*a*) on any day from Monday to Friday, inclusive, his hourly wage plus thirty-three and one-third per cent.;

(*b*) on Saturday afternoon, his hourly wage, plus fifty per cent.

(4) When it is customary for any establishment to complete its normal working week of 43 hours between Monday and Friday, any employee other than a night watchman required to work on a Saturday morning shall be paid for each hour or part of an hour so worked one and one-third times his hourly wage, irrespective of the number of hours actually worked between Monday and Friday.

(5) Whenever an employee works on a Sunday his employer shall either—

(*a*) pay the employee not less than double the remuneration payable in respect of the period ordinarily worked by him on a week-day; or

(*b*) pay the employee remuneration at a rate not less than one and one-third times his ordinary rate of remuneration in respect of the total period worked on such Sunday and grant him within seven days of such Sunday one day's holiday and pay him in respect therof remuneration at a rate not less than his ordinary rate of remuneration as if he had on such holiday worked his average ordinary working hours for that day of the week.

(6) Whenever an employee is remunerated on a basis other than in accordance with the time actually worked by him, his ordinary rate of remuneration shall, for the purpose of this section, be calculated as though he were paid by the hour and shall be ascertained at any date by dividing his total remuneration during the three months immediately preceding that date, or during the total period of his employment by the employer concerned, whichever is the shorter, by the number of hours worked during the period in respect of which such remuneration was paid.

(7) A night watchman who is on duty for time in excess of 12 consecutive hours shall for such excess time be paid at the rate of his hourly wage plus thirty-three and one-third per cent. A night watchman who is on duty on his night off shall be paid at double the rate of his hourly wage.

8. Holidays and Annual Leave.

(1) Every employer shall grant to every employee employed by him not later than 24th December of each year leave of absence of not less than two consecutive weeks and two days and pay to such employee, not later than the last working day before the commencement of such leave, as a leave allowance an amount equal to one-twelfth of the wages he would earn in two weeks and two days for each month of employment with the employer;

Provided that—

(*a*) the period of such leave shall not be concurrent with any period during which the employee is under notice of termination of employment, or is under-going peace training under the South Africa Defence Act, 1912 (Act No. 13 of 1912); and

(*b*) if any public holiday referred to in sub-section (6) of this section falls within the period of such leave, such public holiday shall be added to the said period as a further period of leave and the employee shall be paid in respect of such public holiday, at the same time as the leave allowance, an amount equal to the wage he would have earned had he on such public holiday worked his daily average ordinary working hours.

Note.—For the purpose of calculating the leave pay due in terms of this clause the pay for " two days " shall be two-fifths of the weekly wage.

(2) Upon termination of employment, the employer shall pay to the employee the amount of the leave allowance due as at the date of such termination, calculated as provided in sub-section (1).

(3) Employment for half a month or over shall be reckoned as employment for a full month for the purpose of calculating the leave allowance payable in terms of sub-sections (1) and (2) and " half a month " shall mean any period of 15 consecutive calendar days, irrespective of working days.

(4) (*a*) If an employee's service is terminated at any time during the month of December he shall receive the full holiday pay calculated in terms of section 1 for that month;

(*b*) If an employee gives notice of termination of service during the week prior to the closing of the factory he shall not be entitled to receive the additional 1/12th holiday pay for the month of December;

met dien verstande dat geen werkgewer van 'n vroulike werknemer mag vereis of haar mag toelaat om onderstaande oortyd te werk nie—

(*a*) vir meer as twee uur op enige dag;

(*b*) op meer as drie opeenvolgende dae;

(*c*) op meer as sestig dae in enige jaar.

(2) Geen werknemer kan verplig word om oortyd te werk nie, tensy die werkgewer op die dag voordat oortyd gewerk word sodanige werknemer daarvan in kennis gestel het.

(3) 'n Werknemer, behalwe in geval van 'n nagwag, moet indien hy voor die gewone begintyd of na die gewone sluitingstyd van die inrigting werk, vir elke uur, of deel van 'n uur, aldus gewerk onderworpe aan die bepalings van subartikel (4) hiervan—

(*a*) op enige dag van Maandag tot en met Vrydag teen sy uurloon plus drie-en-dertig-en-een-derde persent;

(*b*) op Saterdagnamiddag teen sy uurloon plus vyftig persent;

betaal word.

(4) As dit in 'n inrigting gebruiklik is om die gewone werkweek van 43 uur tussen Maandag en Vrydag te voltooi, moet enige werknemer, behalwe 'n nagwag, van wie verlang word om op 'n Saterdagmôre te werk, vir elke uur, of deel van 'n uur, aldus gewerk, een-en-een-derdemaal sy uurloon betaal word, afgesien van die aantal ure wat werklik tussen Maandag en Vrydag gewerk is.

(5) As 'n werknemer op Sondag werk, moet sy werkgewer òf—

(*a*) die werknemer minstens tweemaal die besoldiging betaalbaar ten opsigte van die tydperk wat gewoonlik deur hom op 'n weekdag gewerk word, betaal; òf

(*b*) die werknemer betaal teen minstens een-en-een-derdemaal sy gewone loon ten opsigte van die totale tydperk gewerk op sodanige Sondag en hom binne sewe dae na sodanige Sondag een dag vakansie toestaan en hom ten opsigte daarvan betaal teen minstens sy gewone loon asof hy op sodanige vakansiedag sy gewone gemiddelde werkure vir daardie dag van die week gewerk het.

(6) As 'n werknemer op 'n ander basis betaal word as in ooreenstemming met die tyd werklik deur hom gewerk, moet sy gewone loon vir die toepassing van hierdie artikel bereken word asof hy per uur betaal word en moet op enige datum vasgestel word deur sy totale loon gedurende die drie maande onmiddellik voor daardie datum, of na gelang van die kortste, gedurende die totale tydperk van sy diens by die betrokke werkgewer te deel deur die getal ure gewerk gedurende die tydperk ten opsigte waarvan sodanige loon betaal is.

(7) 'n Nagwag wat op diens is vir 'n langer tydperk as 12 opeenvolgende ure, moet vir sodanige bykomende tyd teen sy uurloon plus drie-en-dertig-en-een-derde persent betaal word. 'n Nagwag wat op diens is gedurende die nag wat hy vryaf behoort te wees, moet dubbel sy uurloon betaal word.

8. Vakansiedae en jaarlikse verlof.

(1) Elke werkgewer moet aan elke werknemer by hom in diens voor of op 24 Desember van elke jaar afwesigheidsverlof toestaan van minstens twee opeenvolgende weke en twee dae en aan sodanige werknemer voor of op die laaste werkdag voor die aanvang van sodanige verlof as verloftoelae 'n bedrag betaal gelyk aan een-twaalfde van die loon wat hy in twee weke en twee dae sou verdien vir elke maand diens by die werkgewer.

Met dien verstande dat—

(*a*) die tydperk van sodanige verlof nie mag saamval met enige tydperk wat die werknemer kennis van diensbeëindiging gegee of ontvang het, of ingevolge die Zuid-Afrika Verdedigings Wet, 1912 (Wet No. 13 van 1912), vredestydopleiding ondergaan nie; en

(*b*) as enige publieke vakansiedag genoem in subartikel (6) van hierdie artikel binne die tydperk van sodanige verlof val, sodanige publieke vakansiedag by genoemde tydperk gevoeg moet word as 'n verdere tydperk van verlof en die werknemer ten opsigte van sodanige publieke vakansiedag tesame met die verloftoelaag 'n bedrag betaal moet word gelyk aan die loon wat hy sou verdien het as hy op sodanige publieke vakansiedag sy daglikse gemiddelde gewone werkure gewerk het.

N.B.—Vir die doel van berekening van die verskuldigde verlofbetaling kragtens hierdie klousule, is betaling vir „ twee dae " twee-vyfdes van die weekloon.

(2) By diensbeëindiging moet die werkgewer aan die werknemer die verskuldigde bedrag van die verloftoelae betaal soos op datum van sodanige beëindiging bereken soos bepaal in subartikel (1).

(3) Diens vir 'n halwe maand, of meer, word gereken as diens vir 'n volle maand vir die berekening van die verloftoelae betaalbaar ingevolge subartikels (1) en (2) en „'n halwe maand " beteken enige tydperk van 15 opeenvolgende kalenderdae (afgesien van werkdae).

(4) (*a*) Indien die diens van 'n werknemer te enige tyd gedurende December eindig, moet hy die volle verlofbesoldiging, bereken ooreenkomstig die bepalings van artikel 1, vir daardie maand ontvang.

(*b*) Indien 'n werknemer gedurende die week voordat die fabriek gesluit word, sy diens opsê, het hy nie reg op betaling van die ekstra een-twaalfde verlofbesoldiging vir die maand Desember nie.

(c) If an employee gives notice of termination of service co-inciding with the closing of the factory he shall be entitled to receive the 1/12th holiday pay for the month of December.

(5) The amount of the leave allowance payable in terms of sub-sections (1), (2) and (4) shall be calculated at the rate of remuneration which the employee was receiving immediately prior to the date from which his leave is granted or on which his employment is terminated, as the case may be; and the provisions of sub-section (6) of section 7 shall *mutatis mutandis* apply.

(6) Any period during which an employee—

(a) is on leave in terms of sub-section (1); or

(b) undergoes peace training under the South Africa Defence Act, 1912; or

(c) is absent from work on the instructions or at the request of his employer; or

(d) is absent from work owing to illness or confinement, shall be deemed to be employed for the purpose of sub-sections (1) and (2); provided that the provisions of paragraph (d) shall not apply in respect of any period of absence owing to illness of more than three consecutive days if the employee fails, after a request for such a certificate by the employer, to submit to the employer a certificate from a medical practitioner that he was prevented by illness from doing his work, or in respect of that portion of any total period of absence during any twelve months of employment, which is in excess of thirty days.

(7) In addition to the paid public holidays referred to in sub-section 8 (a) there shall be an additional holiday to commemorate the visit of the Royal Family during 1947. Such paid holiday shall be that proclaimed by the civic authority of the centre visited by the Royal Family. If no such holiday is proclaimed and/or the Royal Family do not visit a particular centre then such holiday shall be given during the sojourn of the Royal Family in South Africa.

(8) (a) Good Friday, Easter Monday, Dingaan's Day, Christmas Day, Boxing Day and New Year's Day shall be holidays on full pay; provided that whenever an employee works on any of these days his employer shall pay him remuneration at a rate not less than his ordinary rate of remuneration in respect of the total period worked on such day in addition to the remuneration to which he would have been entitled had he not so worked.

(b) if an employee's service terminates during the week in which Good Friday falls he shall, in addition to any other remuneration due to him, be paid two days' pay in respect of Good Friday and Easter Monday;

(c) If any of the public holidays referred to in sub-section (a) of this section falls on a Saturday the pay for such holiday shall be calculated at the rate of 1/5th of the normal weekly wage;

(d) If an employee's service terminates during the month of December he shall be paid in addition to any other remuneration due to him, one day's pay in respect of each of the public holidays: Dingaan's Day, Christmas Day, Boxing Day and New Year's Day, in respect of which no payment has already been made to him, and the wages payable for such holidays shall be calculated at the rate of 4/5ths of the normal weekly wage.

(9) An employer who proposes to close his establishment for any holiday shall, at least three working days prior to the date of such closing, post, in a place readily accessible to his employees, a notice stating the period during which employees will not be required to work.

9. Place of Employment.

(1) No employer shall require or allow any employee to perform work in the industry in any place other than his regular establishment.

(2) An employee shall not work for more than one employer during the same working week.

10. Council Funds.

For the purpose of meeting the expenses of the Council each employer shall deduct on each pay day—

(a) 1d. from the earnings of each of his employees other than apprentices, for whom minimum rates of up to and including £3. per week are prescribed, and

(b) 2d. from the earnings of each of his employees other than apprentices, for whom minimum rates of over £3 per week are prescribed.

To the aggregate of the amounts so deducted the employer shall add an equal amount and forward not later than the 7th day of the following month the total sum to the Secretary of the Council, P.O. Box 3051, Port Elizabeth, or such other official as may be specified by the Council or Executive Committee.

11. Termination of Employment.

(1) Except as provided in sub-section (2) every employee shall be required to give one week's notice to terminate his employment, and every employer shall be required to give like notice to terminate the service of an employee; such week's notice shall take effect from the end of the working week of the establishment concerned. A week's notice shall mean a

(c) Indien 'n werknemer sy diens opsê en dit met die sluiting van die fabriek saamval, het hy reg op betaling van die een-twaalfde verlofbesoldiging vir Desember.

(5) Die bedrag van die verloftoelae betaalbaar ingevolge subartikels (1), (2) en (4) word bereken teen die loon wat die werknemer ontvang het onmiddellik voor die datum met ingang waarvan sy verlof toegestaan is, of na gelang van die geval, waarop sy diens beëindig is; en die bepalings van subartikel (6) van artikel 7 is *mutatis mutandis* van toepassing.

(6) Enige tydperk wat 'n werknemer—

(a) ingevolge subartikel (1) met verlof is; of

(b) ingevolge die Zuid Afrika Verdedigings Wet, 1912, vredestydopleiding ondergaan; of

(c) in opdrag, of op versoek van die werkgewer van sy werk afwesig is; of

(d) weens siekte, of bevalling van werk afwesig is, word beskou as diens vir die toepassing van subartikels (1) en (2); met dien verstande dat die bepalings van paragraaf (d) nie van toepassing is ten opsigte van enige tydperk van afwesigheid weens siekte van meer as drie opeenvolgende dae as die werknemer na 'n versoek deur die werkgewer om sodanige sertifikaat versuim om aan die werkgewer 'n dokter-sertifikaat voor te lê dat hy deur siekte verhinder is om sy werk te doen; of ten opsigte van daardie gedeelte van enige algehele tydperk van afwesigheid gedurende enige twaalf maande diens wat bo dertig dae is.

